# die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 348 • Februarie 2022




*Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag van God en die wysheid van God* – 1 Kor. 1:23-24

Februarie 2022 | No. 348

# INHOUD

**DIE BOODSKAPPER** • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

## Onreg

**REDAKSIONEEL**
**Ds. Schalk Strauss**
Die stille onreg van die verwaarlosing van bejaardes ........................... 1

**AMPTELIK** ........................................................................................ 2

**ONTVANG DIE WOORD**
**Jonathan Edwards**
Sondaars in die hand van 'n toornige God ........................................... 4

**HOOFARTIKEL**
**Ds. Adriaan Bester**
Onreg: 'n Bybelse definisie ................................................................ 8

**ARTIKELS**
**Ds. Markus Matteus**
My kom die wraak toe .................................................................... 10
**Dr. Chris Saayman**
Bybelse geregtigheid *versus* valse geregtigheid ................................. 12
**Ons gesels met ...**
Elana Barkhuizen ........................................................................... 14
**Werner Human**
'n Beskouing oor die orde, wet en geregtigheid in Christus ................ 16
**Ds. Ruan Combrink**
God se oordeel en genade oor volke en individue ............................. 18
**Ds. Attie Boshoff**
Vloekpsalms as antwoord op onreg .................................................. 22
**Ds. Gerhard Blom**
Ek is verontreg. Hoe hanteer 'n Christen dit? ...................................... 24

**AKTUEEL**
Bybelwoordblok ............................................................................. 21
Huldeblyk: Ds. Kosie Venter ........................................................... 26
Gemeentenuus ............................................................................... 27
Bestek vir Bybelkenniseksamen 2022 ................................................ 30
Antwoorde: Bybelwoordblok (Des. 2021/Jan. 2022, bl. 9) .................. 30
Smeltoond ........................................................... **binne agterblad**

**IN DIE SPORE VAN GISTER MET PIETER & PIETER**
**Dr. Pieter Möller**
Negatiewe invloed van die Engelse (Britte) op die Suid-Afrikaanse geskiedenis ........................................................................................ 34

**VAN KARSTOELTJIE TOT BESTUURDER**
**Charlotte Fourie**
Die ouer as opvoeder ...................................................................... 35

**VOORBLAD:**
Hierdie visuele uitbeelding van geregtigheid, is baie bekend. In hierdie wêreld is die skale egter nooit gelyk nie – vandaar die onreg.

**REDAKSIE**

**Eindredakteur**
Ds. HSW Strauss

**Redaksielede**
Di. RK Combrink, HJ Dafel, A Hough en mev. C Möller

**Redaksiesekretaresse en advertensies**
Mev. M Langeveldt
**Tel.:** 012 362 1390
**e-pos:** boodskapper@apk.co.za

*Die Redaksie vereenselwig hom nie noodwendig met alle uitsprake of menings hierin opgeneem nie.*

**BELANGRIKE TELEFOONNOMMERS EN ADRESSE**

**Gemeenskaplike Kerkkantoor**

Kerkkantoor en Boekwinkel
**Tel.:** 012 362 1390
**Faks:** 012 362 2023
**Posbus** 25139
Monumentpark, 0105
Makoustraat 516,
Monumentpark x2
**e-pos:** info@apk.co.za
**Webblad:** www.apk.co.za

**Die Afrikaanse Protestantse Akademie**

Administrasie
**Tel.:** 012 344 3960/1/2
**Faks:** 012 344 5480
**Posbus** 11488, Hatfield, 0028
Farendenstraat 430, Sunnyside
**e-pos:** info@apa.ac.za
**Webblad:** www.apa.ac.za

Gedruk en gebind deur:

BusinessPrint

**Bladuitleg:** Melaney Langeveldt

Uitgegee deur:

Lig in Duisternis UITGEWERS
liginduisternis@apk.co.za



# Die stille onreg van die verwaarlosing van bejaardes

**Ds. Schalk Strauss**

As 'n mens 'n Google-soektog doen, dan staan jy verstom oor al die verskillende "internasionale dae" wat daar in 'n jaar is. Dit is spesifieke dae, en soms selfs maande, wat afgesonder word om bewusmaking vir bepaalde sake te skep. Een hiervan is die sogenaamde "Bejaardesorgmaand" wat vanaf 15 Mei (internasionale familiedag) tot 15 Junie strek. Die doel van hierdie maand is om die samelewing bewus te maak van bejaardes in die samelewing en hulle spesifieke behoeftes – veral waar hulle dikwels verwaarloos en selfs mishandel word.

Hoe edel die doel van só 'n bewusmakingsmaand ook al mag wees, dien dit eintlik as 'n stille aanklag teen die samelewing en in besonder die Christelike samelewing. Dit laat sekere vrae ontstaan: Waarom die noodsaak vir so 'n maand? Waarom is dit nodig om "bewusmaking" te skep oor iets so belangrik soos hierdie? Behoort deernisvolle bejaardesorg nie juis 'n natuurlike kenmerk van 'n Christelike samelewing en dus ook van die kerk te wees nie?

In hierdie uitgawe val die fokus op onreg. Dit is egter nie eerlik om net op dié onregte te fokus waaraan ons daagliks blootgestel word nie. Ons het ook nodig om hand in eie boesem te steek oor daardie onregte waaraan ons self skuldig is, al is dit op 'n indirekte wyse.

## Onregte in oorvloed

Daar is min dinge so ontstellend soos om na 'n video te moet kyk waar 'n bejaarde persoon deur onprofessionele personeellede van 'n ouetehuis op barbaarse wyse mishandel word, juis deur mense wat veronderstel is om hulle met deernis te versorg. Gesels jy met hierdie oumensies, suis jou ore dikwels met afsku oor hulle onmenslike ervarings.


Wanneer die jaarlikse begroting aangekondig word, krimp 'n mens se hart ineen wanneer jy hoor dat staatspensioene met twintig of dertig rand verhoog word. Dit is 'n skande! Hoe oorleef 'n mens op 'n pensioen van R1 900 per maand? Hoe regverdig is dit dat 'n samelewing daarmee verlief kan neem dat hulle wat vir soveel jare 'n bydrae tot die opbou en ontwikkeling van die samelewing gemaak het, aan die einde van hul lewens so skreiend verontreg word? As die bejaarde dalk nog 'n belegginkie het, is die ry bakhandstaanders (en sakkerollers) gewoonlik eindeloos.

Die verontregting wat waarskynlik die naaste aan die been sny, lê dalk eerder op 'n emosionele vlak. Hoe hartseer is dit nie om in 'n ouetehuis te kom en te hoor: "My kinders kom nooit hier nie." Is 'n ouetehuis nie veronderstel om, ten minste oor die feestyd, amper leeg te wees omdat geliefdes bymekaar wil wees nie? Hoe baie van ons gebruik nie iets soos 'n ouetehuis as 'n gerieflike verskoning om ons verantwoordelikhede te systap nie? Dit raak 'n ashoop waar ek van my "irritasie" ontslae kan raak.

Dan praat ons nie eens van die manier waarop bejaardes dikwels in die huise van hul sogenaamde "dierbares" verontreg word nie. Hulle word as 'n las beskou. Hulle word kortaf behandel; hulle menings tel nie en hulle behoeftes is onbelangrik. Hulle ly dikwels in stilte hierdie onregte, omdat hulle nie die sekuriteit van 'n dak oor die kop wil ontbeer nie.

## Ons het 'n verantwoordelikheid

Die opdrag om ons vader en moeder te eer (vgl. Ex. 20:12) het nie 'n tydsbeperking nie en die wese daarvan kan nie tot respekvolle interaksie geminimaliseer word nie. Om bejaardes met eerbied en waardigheid te hanteer,



is om God te eer: *Vir die grys hare moet jy opstaan, en die persoon van 'n grysaard eer; en jy moet jou God vrees. Ek is die* HERE (Lev. 19:32).

Hierby sluit Paulus aan wanneer Hy aan Timótheüs skryf: *Maar iemand wat vir sy eie mense, en veral sy huisgenote, nie sorg nie, het die geloof verloën en is slegter as 'n ongelowige* (1 Tim. 5:8). Dit plaas 'n verantwoordelikheid op elke individuele gelowige, maar ook op die kerk, aangesien bejaardes deel vorm van die "huisgenote van die geloof" (vgl. Efés. 6:10).

Hoe kan ons húlle wat ons met die jare versorg, gedra en beskerm het, uitlewer en aan hul eie genade oorlaat? As gelowiges moet ons ook vra: Is die "grys hare" van die hoof dan minder belangrik as die liggaam se jeugdige arm met sy bultende spiere? Is élke lid van die liggaam dan nie ewe belangrik vir die effektiewe funksionering daarvan nie (vgl. 1 Kor. 12:12-31)?

## Stel die onreg reg

Toe die apostels tot die besef kom dat sommige van die weerloses in die gemeente in hul versorging oor die hoof gesien is, het hulle die onreg aangespreek (vgl. Hand. 6:1-7). Dit is dus nodig dat ons ons verantwoordelikhede opneem en behoorlik besin hoe ons hierdie stille onreg kan regstel deur te doen wat reg is in God se oë.

Eerstens behoort kinders en kleinkinders hul verantwoordelikheid ten opsigte van die versorging van hul ouers en grootouers met hulle te bespreek. Moenie die onderwerp vermy nie. Beplan betyds en gesels voortdurend oor mekaar se behoeftes en wat die beste op watter stadium vir hulle versorging is. Maak tyd vir mekaar. Koester die wysheid wat deur jare se ervaring opgebou is. Finansiële en materiële versorging is goed, maar emosionele en geestelike versorging is beter. Ons eer nie ons ouers as hulle 'n dak oor die kop het en kos om te eet, maar hulle gees vergaan en hul siele ly dors in hul eensaamheid nie.

Die Baptis, ds. Nate Martin, gee goeie raad vir die geestelike versorging van bejaardes.[1] Hy benadruk die noodsaak om hulle daaraan te herinner (en so te hanteer) dat hulle steeds beelddraers van God is. Hulle waarde is immers nie afhanklik van hul bydrae tot die samelewing nie. Bejaardes mag dalk nie meer so diensbaar in die kerk wees soos toe hulle jonk was nie, maar hul waarde lê nie daarin nie. Dit is gewortel in Christus. Om hierdie rede behoort hulle ook vir ons waardevol te wees en kan ons steeds uit hul wysheid put, terwyl ons hulle op kreatiewe maniere steeds deel van ons projekte maak.

In aansluiting hierby behoort ons hulle te herinner dat hulle steeds 'n waardevolle bydrae tot die koninkryk van God kan lewer. Die getuienis van elke gelowige wat die wedloop suksesvol voltooi, dien tot aansporing vir vele wat nog in die wegspringblokke staan of wie se bene dalk halfpad om die baan lam begin word.

Bid gereeld vír hulle en sáám met hulle. Besoek hulle en nooi hulle om jou te besoek. As hulle kinders en kleinkinders ver is, wees vir hulle kinders en kleinkinders. Bederf hulle soos jy dit met jou eie ouers sal doen.

Mag Hebreërs 13:7 ons motiveer om ook reg te laat geskied aan hulle wat ons voorgaan in die geloof, om hulle met eerbied en waardigheid te hanteer: *Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na* (Hebr. 13:7).

1 https://bit.ly/3tJvWhQ

**AMPTELIK**

## LERAARS

### Beroepe ontvang

- Ds. PJ Malan (Warmbad) na Marble Hall.
- Prop. AJ Bester na Hluhluwe.

### Beroepe bedank

- Ds. A Swart (Sanddrift) na Potgietersrus.
- Ds. PJ Malan (Warmbad) na Hluhluwe.
- Ds. HJ Jones (George) na Marble Hall.

### Beroepe aanvaar

- Ds. HJ Dafel (Witrivier) na Potgietersrus.
- Prop. AJ Bester na Hluhluwe.
- Ds. PJ Malan (Warmbad) na Marble Hall.

### Tydelike met die ewige verwissel

Ds. JJ (Kosie) Venter op 15 Desember 2021. Ons bid sy naasbestaandes die troosryke bystand van die Here toe. Lees gerus die huldeblyk op bl. 26.

### Adresveranderinge

- **AP Kerk Laersdrift:** Saakgelastigde: Mev. Gerrie Botha; sel: 082 377 4854.
- **AP Kerk Prieska:** Saakgelastigde: Mnr. André Visagie; sel: 076 943 6963.

### Wil u graag in *Die Boodskapper* adverteer?

Stuur 'n e-pos na boodskapper@apk.co.za indien u enige navrae het.

## SKOOLKWARTALE 2022

Eerste kwartaal: 12 Januarie – 17 Maart
19 Januarie – 25 Maart (Kusskole)
Tweede kwartaal: 5 April – 24 Junie
Derde kwartaal: 19 Julie – 30 September
Vierde kwartaal: 11 Oktober – 14 Desember

## CVO-SKOOLKWARTALE 2022

Eerste kwartaal: 12 Januarie – 18 Maart
Tweede kwartaal: 4 April – 24 Junie
Derde kwartaal: 18 Julie – 30 September
Vierde kwartaal: 10 Oktober – 7 Desember

## *DIE BOODSKAPPER*
## Verskyningsdatums 2022

| Maand | Kopie in by Redakteur | Verskyningsdatum |
|---|---|---|
| **Maart 2022** | 14 Januarie | 25 Februarie |
| **April 2022** | 17 Februarie | 24 Maart |
| **Mei 2022** | 9 Maart | 25 April |
| **Junie 2022** | 19 April | 27 Mei |
| **Julie/Augustus 2022** | 17 Mei | 23 Junie |
| **September 2022** | 13 Julie | 29 Augustus |
| **Oktober 2022** | 16 Augustus | 29 September |
| **November 2022** | 15 September | 27 Oktober |
| **Des. 2022/Jan. 2023** | 14 Oktober | 28 November |

## Advertensietariewe 2022


| Grootte | mm (hoogte x breedte) | Prys (swart & wit) | Volkleur |
|---|---|---|---|
| **1/16 blad** | 40 x 90 mm | R200 | *Nie beskikbaar* |
| **1/8 blad** | 65 x 90 mm | R510 | *Nie beskikbaar* |
| **1/4 blad** | 124 x 90 mm | R1 040 | R2 300 *(slegs b.a.)* |
| **1/2 blad** | 124 x 180 mm | R1 800 | *Nie beskikbaar* |
| **Volblad** | 246 x 180 mm | R2 950 | *Nie beskikbaar* |
| **Binne-agter – 1/2** *(indien beskikbaar)* | 148 x 200 mm | Volkleur | R3 680 |
| **Binne-agter – vol** *(indien beskikbaar)* | 297 x 210 mm | Volkleur | R5 460 |
| **Agterblad – 1/2** *(indien beskikbaar)* | 148 x 200 mm | Volkleur | R4 000 |
| **Agterblad – vol** *(indien beskikbaar)* | 297 x 210 mm | Volkleur | R6 600 |

*50% afslag op R1 000 en meer indien AP-kerksake geadverteer word.*

## FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE* 2022

| | |
|---|---|
| **21 Maart*** | Openbare vakansiedag |
| **6 April** | Van Riebeeckdag |
| **15 April*** | Goeie Vrydag |
| **18 April*** | Gesinsdag |
| **27 April*** | Openbare vakansiedag |
| **1 Mei*** | Openbare vakansiedag |
| **2 Mei*** | Openbare vakansiedag |
| **26 Mei** | Hemelvaart |
| **31 Mei** | Republiekdag |
| **5 Junie** | Pinksterfees |
| **16 Junie*** | Konsentrasiekampdag |
| **9 Augustus*** | Openbare vakansiedag |
| **14 Augustus** | GRA-dag |
| **24 September*** | Openbare vakansiedag |
| **10 Oktober** | Krugerdag |
| **30 Oktober** | Hervormingsfees |
| **16 Desember*** | Geloftedag |
| **25 Desember*** | Christusfees |
| **26 Desember*** | Openbare vakansiedag |





# Sondaars in die hand van 'n toornige God[1]

**Jonathan Edwards**

Deuteronómium 32:5: *My kom die wraak toe en die vergelding, op die tyd as hulle voet sal wankel; want die dag van hulle ondergang is naby en wat oor hulle beskik is, kom gou.*

Hierdie vers bevat die dreigement van God se oordeel oor die goddelose, ongelowige Israeliete wat God se sigbare volk was en onder sy genade gelewe het. Ten spyte van al die wonderlike dinge wat God vir sy volk gedoen het, was hulle raadsplanne, soos vers 28 sê, "verlore" en was daar "geen verstand in hulle nie". Die frase wat ek as teks gekies het, *Op die vasgestelde tyd sal hul voet wankel*, blyk die volgende dinge te impliseer met betrekking tot die straf en verwoesting van die goddelose Israeliete:

1. Hulle is op enige gegewe tydstip aan verwoesting blootgestel, soos iemand wat op 'n gladde oppervlakte staan of loop en enige tyd kan val (vgl. Ps. 73:18).
2. Dit impliseer dat hulle op enige gegewe tydstip aan skielike en onverwagte verwoesting blootgestel is. Soos iemand wat op 'n gladde oppervlakte die gevaar loop om enige oomblik te val, val hy meteens en sonder enige waarskuwing. Psalm 73:18-19: *Waarlik, U stel hulle op gladde plekke; U laat hulle in puin val. Hoe word hulle in 'n oomblik 'n voorwerp van verbasing ...*
3. Hulle val deur hul eie toedoen, sonder die hand van 'n ander. Soos iemand wat op 'n gladde oppervlakte loop niks anders as sy eie gewig nodig het om hom te laat val nie.
4. Die rede waarom hulle nog nie geval het en ook nie nou val nie, is omdat die tyd wat God daarvoor beskik het, nog nie aangebreek het nie. Dit word duidelik gestel dat wanneer die bestemde tyd aanbreek, hulle voet sal wankel.

Vanuit hierdie woorde kan ek nie anders as om tot die volgende gevolgtrekking te kom nie: *Daar is niks wat goddelose mense op enige gegewe tydstip uit die hel uit hou, as net die uitsluitlike wil van God nie.*

Met die "uitsluitlike wil van God" bedoel ek sy soewereine en absolute wil wat deur niks verhinder of ingeperk word nie, net soos wat niks anders behalwe slegs die wil van God, in enige mate of op enige manier, 'n aandeel het in die bewaring van die goddelose op enige gegewe tydstip nie.

Die waarheid van hierdie waarneming is duidelik uit die volgende oorwegings:

1. God is nie magteloos om die goddelose te enige tyd in die hel te werp nie. Die méns is kragteloos wanneer God verrys: Nie eens die sterkste is by magte om Hom teen te staan nie en daar is niemand wat uit sy hand kan red nie.

   Hy is nie net in staat om die goddelose in die hel te werp nie, maar hy kan dit ook baie maklik doen. Daar is geen skans sterk genoeg wat die krag van God kan weerstaan nie. Al sou 'n menigte van God se vyande verenig, word hulle maklik in stukke gebreek: Hulle is soos groot hope kaf voor 'n warrelwind; of soos 'n klomp droë stoppels voor 'n verterende vuur. Wie is ons immers om te dink ons sal staande kan bly teen Hom wanneer selfs die aarde vir sy teregwysing sidder en die rotse voor Hom neerstort?
2. Hulle verdien om in die hel gewerp te word. Daarom staan God se geregtigheid nooit in die pad en maak dit nie beswaar teen God wanneer Hy te enige tyd besluit om die bose deur sy mag te vernietig nie. Inteendeel. Geregtigheid roep luid om die ewige oordeel oor hul sondes (vgl. Lk. 13:7).
3. Hulle staan alreeds onder 'n vonnis wat hulle tot die hel veroordeel. Nie net verdien hulle om daarin gegooi te word nie, maar die vonnis van die wet van

God getuig teen hulle, sodat hulle alreeds vir die hel bestem is (vgl. Joh. 3:18).

4. Hulle is alreeds die voorwerpe van dieselfde toorn en oordeel van God wat in die pyniging van die hel tot uiting kom. Die rede waarom hulle nie oombliklik hel toe gaan nie, is nie omdat God nie toornig oor hulle is nie. God is baie meer toornig met baie wat nou op aarde is, ja, beslis ook met baie oorgerustes wat deel van die gemeente is, as wat Hy is oor baie van dié wat nou in die vlamme van die hel verkeer.

   Dat God nie sy hand teen hulle lig en hulle van Hom afsny nie, is dus nie omdat God hul boosheid ignoreer of nie 'n afkeer daarvan het nie. Die poel word voorberei, die vuur is gereed, die gloed is kokend – gereed om hulle te ontvang – die vlamme knetter en gloei. Die glimmende swaard is skerp en hang oor hul koppe en die afgrond het sy mond onder hulle oopgemaak.

5. Die duiwel staan gereed om hulle te oorval en hulle as sy eie te gryp, die oomblik wat God dit toelaat. Hulle behoort aan hom. Die Skrif stel hulle voor as sy *besittings* (vgl. Lk. 11:21). Die duiwels hou hulle dop; hulle is altyd by hulle – aan hul regterhand; hulle staan reg en wag op hulle soos gulsige en uitgehongerde leeus wat hul prooi sien en kwyl om dit te verorber, maar vir tyd en wyl word hulle teruggehou. As God sy hand waarmee Hy hulle terughou sou terugtrek, sal hulle oombliklik op hierdie arme siele afpyl.

6. In die siele van die goddelose heers daar helse beginsels wat dadelik in 'n helse vuur sal ontbrand as dit nie God was wat dit in toom hou nie. Die fondasie vir die pyniging van die hel is in die natuur van die vleeslike mens vasgelê: Daar is verdorwe beginsels wat hulle oorheers en hulle volledig in hul mag het, wat die saad vir die helse vuur is.

   Die siele van die goddelose word in die Skrif met 'n onstuimige see vergelyk (vgl. Jes. 57:20). Op die oomblik beteuel God hul goddeloosheid deur sy kragtige mag, soos wat hy die woedende golwe van 'n onstuimige see in bedwang hou deur te sê: *Tot hiertoe mag jy kom en nie verder nie*, maar as God sy hand sou terugtrek, sal alles voor dit meegesleur word.

7. Die afwesigheid van sigbare tekens van die dood, bied geen sekuriteit vir die goddelose nie. Die feit dat iemand gesond is en nie kan sien op watter manier hy onmiddellik uit die wêreld deur 'n ongeluk weggeneem kan word nie, of die feit dat hy nie enige dreigende gevare in sy omstandighede beleef nie, bied geen sekuriteit nie. Die verskillende onvoorsiene en ondenkbare maniere waarop mense skielik uit hierdie wêreld weggeneem word, is ontelbaar en onbegryplik baie. Ongeredde mense loop op 'n verrotte brug oor die afgrond van die hel. Daar is ontelbare plekke waar die brug swak is en nie hul gewig kan dra nie, maar dit kan nie gesien word nie. Die pyle van die dood word in die middel van die dag afgevuur en nie eens die skerpste oë kan dit raaksien nie.

8. Die mens se voorsiening en voorsorg om sy lewe te bewaar, hou hom nie vir een oomblik veilig nie. Goddelike voorsienigheid en algemene ervaring getuig hiervan. Dit is duidelik dat die mens se eie wysheid geen sekerheid teen die dood kan bied nie ... *hoe sterf die wyse [?] net soos die dwaas* (Pred. 2:16).

9. Al die noukeurigheid en vernuf wat die goddelose inspan om die hel te ontkom, terwyl hulle voortgaan om Christus te verwerp, beveilig hulle nie een oomblik daarteen nie. Bykans elke mens wat van die hel hoor, oortuig homself dat hy dit op een of ander manier sal ontkom. Hy maak op homself staat vir sekuriteit. Almal vind in hul eie kop 'n manier hoe hulle die verdoemenis sal vermy en vlei hulself met wat hulle gedoen het en dat hul planne nie sal skeefloop nie.

   Die dwase mensekinders mislei hulself egter jammerlik met hul eie plannetjies en hul vertroue in die krag van hul wysheid – hulle vertrou in niks anders as 'n skaduwee nie. Die meeste mense wat tot nou toe onder dieselfde genademiddels geleef het en nou dood is, is ongetwyfeld hel toe. Dit is beslis nie so omdat hulle dwaser was as dié wat nog lewe nie. Dit was ook nie omdat hulle nie dinge beter uitgepluis en beter beplan het om die verdoemenis te ontkom nie.

10. Daar rus geen verpligting op God om weens enige belofte enige iemand op enige gegewe tydstip uit die hel te hou nie. God het beslis nie enige beloftes oor die ewige lewe, of oor verlossing en bewaring van die ewige dood gemaak, buiten wat in die genadeverbond is nie – die beloftes wat in Christus gegee en in Hom ja en amen is.

    Dit is baie duidelik dat, ongeag die moeite wat die mens ook al in sy godsdiens doen, watter gebede hy ook al mag bid, God onder geen verpligting verkeer om hom vir een oomblik van die ewige verdoemenis te bewaar, totdat hy in Christus glo, nie.

    Daarom is dit so dat die mens deur die hand van God oor die afgrond van die hel gehou word. Hy verdien die vuuroond en is alreeds daartoe gedoem. Die duiwel wag op hom. Die mond van die hel is oop vir hom, die vlamme skiet op rondom hom en wil hom

1 Vry vertaal, verkort en soms geparafraseer ter wille van lengte. Die volledige preek sal eersdaags by die Boekwinkel in boekvorm beskikbaar wees.

baie graag beetkry en verteer. Die vuur wat in sy eie hart opgehoop is, stry om uit te breek en hy stel nie belang in enige Middelaar nie. Daar is niks binne sy bereik wat hom enigsins kan red nie. Kortom, hy het geen toevlug en niks om aan vas te hou nie. Al wat hom op enige gegewe tydstip bewaar, is die absolute, ongebonde wil en voorsienigheid van 'n vertoornde God wat onder geen verpligting staan nie.

## Toepassing

Die doel is die opwekking van die onbekeerdes in die gemeente. Wat u nou gehoor het, is die geval vir elkeen van u wat nié in Christus is nie. Tussen u en die hel is daar niks anders as net lug nie en dit is slegs die krag en wil van God wat u staande hou.

Jy is waarskynlik nie hiervan bewus nie: Jy vind dat jy uit die hel gebou word, maar sien nie die hand van God daarin raak nie. Jy skryf dit dalk eerder toe aan ander dinge soos jou goeie gesondheid, die feit dat jy versigtig is met jou eie lewe en die dinge wat jy inspan ter wille van jou eie behoud. Tog beteken hierdie dinge niks nie.

Jou gesondheid, jou voorsorg, jou omsigtigheid, jou vernuf en al jou regverdigheid sal jou net so min staande en uit die hel kan hou as wat 'n spinnekopweb 'n vallende rots kan stuit. As dit nie vir die soewereine wil van God was nie, sal die aarde jou nie vir een oomblik verdra nie, want jy is 'n las daarvoor: Die skepping kreun saam met jou, omdat dit gebonde is weens jou verdorwenheid. Die aarde sal jou uitspuug as dit nie vir die soewereine hand was van Hom wat dit hoopvol onderwerp het nie.

God se oordeel is soos groot waters wat tans opgedam is. Dit raak al meer en styg al hoër, totdat dit uitgelaat word. Hoe langer die stroom opgedam word, hoe vinniger en magtiger sal die gang daarvan wees wanneer dit losgelaat word. Dit is so dat die oordeel oor julle goddeloosheid tot nou toe nog nie uitgevoer is nie; die vloed van God se wraak word teruggehou, maar julle skuld is in tussentyd besig om al meer op te hoop. As God sy hand van die vloedsluise wegvat, sal dit oopbars en die bruisende vloedwaters van die vreesaanjaende oordeel van God sal in onkeerbare woede uitbreek. Al was julle kragte selfs tienduisend keer meer as die krag van die grootste, sterkste duiwel in die hel, sal dit nie genoeg wees om hierdie waters te weerstaan of te oorleef nie.

Die boog van God se oordeel is gespan en die pyl word daarop geplaas. Sy geregtigheid mik die pyl op jou hart en span die boog. Dit is slegs die wil van God, van 'n toornige God wat deur geen belofte gebind of onder geen verpligting staan nie, wat die pyl 'n haarbreedte daarvan terughou om in jou bloed gedoop te word.

So is dit met elkeen wie se hart nog nie deur die kragtige werking van die Gees van God in sy siel, verander is nie. Almal wat nie wedergebore is nie, is in die hande van 'n toornige God. Dit is slegs sy vrye wil wat verhoed dat julle nie oombliklik in ewige verwoesting opgeslurp word nie. Maak nie saak hoe min jy nou van die waarheid hiervan oortuig is nie, daar sal uiteindelik geen twyfel by jou wees nie.

Die God wat jou oor die afgrond van die hel hou, soos wat 'n mens 'n spinnekop of 'n grillerige insek oor die vuur sal vashou, het 'n afsku van jou. Hy is verskriklik uitgelok; sy toorn oor jou brand soos 'n vuur; Hy kyk na jou as iemand wat vir niks anders goed is as om in die vuur gewerp te word nie. Dat jy nie laasnag hel toe is nie, kan aan niks anders toegeskryf word as dat jy toegelaat is om nog 'n keer in hierdie wêreld wakker te word nie. Daar is geen ander rede waarom jy nog nie hel toe is sedert jy vanoggend opgestaan het, buiten dat God se hand jou daaruit hou.

O, sondaar! Gee ag op die verskriklike gevaar waarin jy verkeer. Jy hang maar aan 'n garedraadjie, terwyl die vlamme van Goddelike oordeel daarrondom knetter. Dit kan dit enige oomblik skroei en tot as verbrand en jy het geen begeerte na 'n Middelaar nie en jy het niks waaraan jy kan vashou om jouself te red of wat jy kan doen om God te oortuig om jou vir een oomblik genadig te wees nie!

Dink in die besonder na oor die volgende:

1. Wie se toorn dit is. Dit is die oordeel van die ewige God. As dit maar die toorn van 'n mens was, selfs van die gevaarlikste prins, sou dit betreklik gering gewees het. Die toorn van konings word baie meer gevrees, veral dié van absolute monarge wat die besittings en lewens van hul onderdane in hul hande hou en daarmee kan doen wat hulle wil (vgl. Spr. 20:2). Die grootste aardse heersers in al hul mag en krag en bekleed met die grootste vreesaanjaendheid, is egter maar swak en veragtelike wurmpies in die stof in vergelyking met die groot en almagtige Skepper en Koning van die hemel en die aarde. Die toorn van die groot Koning van die konings is baie meer

vreesaanjaend as hulle s'n, omdat sy majesteit soveel groter is. Lukas 12:4-5: *En Ek sê vir julle, vriende: Moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak ... nie; maar ... vrees Hom wat, nadat Hy doodgemaak het, by magte is om in die hel te werp ...*

2. Dit is die felheid van sy toorn waaraan julle blootgestel is. Ons lees dikwels van die woede van God, soos in Jesaja 59:18: *Volgens die dade, daarmee ooreenkomstig sal Hy vergelde: grimmigheid aan sy teëstanders* ... In Openbaring 19:15 lees ons van die felheid van sy toorn. Ons lees van die parskuip *van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige.* Die woorde is skrikwekkend. As dit slegs gesê het "die oordeel van God", sou die woorde reeds iets eindeloos vreesaanjaend geïmpliseer het. Dit is egter nie al wat gesê word nie, maar "die grimmigheid en toorn van God" – die woede van God, die grimmigheid van die Here! O, hoe verskriklik moet dit nie wees nie! Daar word egter ook bygevoeg "die grimmigheid en toorn van die ALMAGTIGE GOD". So asof daar 'n groot manifestasie van sy almag in die heftigheid van sy oordeel sal wees, so asof sy almag as 't ware opgewek word en woedend is – soos wanneer 'n mens in die vurigheid van menslike wraak, menslike krag wil wys. O, wat sal die gevolge nie wees nie!

   Dink goed hieroor na, julle wat hier is en wat nog nie wedergebore is nie. Dat God die heftigheid van sy woede gaan uitstort, impliseer dat Hy sonder enige genade sal oordeel. Wanneer God op die onuitspreeklike omvang van jou saak let en merk dat jou marteling buite verhouding tot jou kragte is en as Hy sien hoe jou arme siel verpletter word en wegsink asof in 'n nimmereindigende duisternis, sal daar by Hom geen barmhartigheid vir jou wees nie (vgl. Eség. 8:18). God staan egter gereed om nóú aan jou genade te bewys. Vandag is 'n dag van genade. Jy mag nóú nog huil met die hoop om genade te verkry, maar wanneer die dag van genade verby is, sal selfs jou droewigste en treurigste snikke en gille tevergeefs wees. Jy sal geheel en al verlore wees en sonder enige besorgdheid oor jou welsyn, van God weggewerp word. God sal jou so min jammer kry wanneer jy tot Hom roep, dat dit gesê word dat Hy slegs sal "lag" en "spot" (vgl. Spr. 1:25-26).

   Hoe verskriklik is die woorde van Jesaja 63:3 nie: *Ek het die pers alleen getrap, en van die volke was niemand by My nie; en Ek het hulle getrap in my toorn en hulle vertrap in my grimmigheid, sodat hulle lewensap op my klere gespat en Ek my hele gewaad bevlek het.* Dit is moeilik om aan ander woorde te dink wat beter uitdrukking aan hierdie drie dinge gee, naamlik: afsku, haat en die felheid van misnoeë. Al weet God dat jy nie die gewig van die Goddelike almag wat op jou neerkom, kan dra nie, sal Hy nie omgee nie, maar sal Hy jou eerder onder sy voet, sonder enige genade, vermorsel. Hy sal jou bloed uitdruk dat dit op sy kleed sal spat, sodat dit sy klere bevlek. Hy sal jou nie net haat nie, maar sal 'n totale afsku van jou hê.

3. Die ellende waaraan jy blootgestel is, is dit wat God sal toedien met die doel om te wys hoe die oordeel van die Here lyk. God het dit op die hart om aan engele en mense te wys hoe wonderlik sy liefde is, maar ook hoe verskriklik sy oordeel is. Romeine 9:22: *En as God, al wil Hy sy toorn bewys en sy mag bekend maak, tog met groot lankmoedigheid die voorwerpe van toorn wat vir die verderf toeberei is, verdra ...* En wanneer 'n mens besef dat dit sy bedoeling is en wat Hy beplan het, naamlik om te wys hoe verskriklik die suiwere, onbeteuelde oordeel, die woede en vurigheid van die Here is, dan sal Hy dit beslis laat gebeur.

   So sal dit wees met julle wat nog nie tot bekering gekom het nie en in daardie toestand volhard. Julle sal in die teenwoordigheid van heilige engele en van die Lam gemartel word. En wanneer jy in hierdie toestand van lyding verkeer, sal die verheerlikte inwoners van die hemele gaan kyk na die verskriklike skouspel, sodat hulle kan sien wat die oordeel en vurigheid van die Almagtige behels (vgl. Jes. 66:23-24).

4. Dit is 'n ewigdurende oordeel. Dit moet reeds verskriklik wees om hierdie vurigheid en oordeel van die almagtige God net vir 'n oomblik te beleef, maar nou moet jy dit vir ewig verduur. Daar sal geen einde aan hierdie verskriklik aaklige ellende wees nie. Wanneer jy vooruitkyk, sal jy 'n lang ewigheid sien, 'n onbegrensde duurte wat jou gedagtes opslurp en jou siel verstom. O, wie kan beskryf wat die toestand van die siel onder sulke omstandighede is! Dit is onuitspreeklik en ondenkbaar, want *wie ken die sterkte van u toorn?*

   Hoe verskriklik is die toestand nie van hulle wat daagliks en uurliks die gevaar van hierdie groot oordeel en ewige ellende in die gesig staar nie! Dit is die hartseer toestand van elke siel in hierdie gemeente wat nog nie wedergebore is nie. O, as julle maar hierop ag wil slaan! Daar is goeie rede om te dink dat daar baie is wat vandag na hierdie preek luister, wat uiteindelik die voorwerpe van hierdie einste ellende sal wees – vir ewig. Ons weet nie wie hulle is nie of waar hulle sit of wat hulle nou dink

Vervolg op bl. 20



# Onreg: 'n Bybelse definisie

**Ds. Adriaan Bester**

**Wat is onreg? Die postmoderne tydsgees wil ons wysmaak dat die antwoord op hierdie vraag tot 'n groot mate bepaal word deur die voorkeure of afkeure van elke individu.**

Volgens hierdie benadering kan konsepte soos onreg en waarheid en reg of verkeerd nie meer konkreet gedefinieer word nie, maar rafel dit uit totdat daar net 'n niksseggende relativisme oorbly. Onreg word geverf met die kwas van "dit wat polities korrek is". Hierdie populistiese en polities gedrewe benadering tot onreg, word baie duidelik gesien in die agendas van die aktiviste van die sogenaamde "gemarginaliseerdes".

Ons hoor by die kampvegters vir die gelykheid van die vrou dat die onderdrukking van die vrou deur 'n patriargale stelsel waar mans heers, dié grootste onreg denkbaar is. By 'n volgende groep aktiviste is die onderdrukking van die armes en agtergeblewenes weer die grootste onreg denkbaar. En in die oë van ander is dit weer rassisme of homofobie. Al hierdie agendas kan saamgegooi word onder die een sambreel van dit wat vandag bekend geword het as sosiale geregtigheid.

Die noodwendige gevolg van so 'n denkwyse is dat mense outomaties in kategorieë geplaas word. Aan die een kant van die spektrum is daar die benadeelde slagoffers en aan die ander kant is daar die bevoorregte onderdrukkers. Feite is vir die slagoffers van min belang, want hulle kry die naïewe en oningeligte massas so ver om met gebalde vuiste in die lug die knie te buig deur middel van sosiale druk en skuldgevoelens. Niemand wil tog in ons tyd polities inkorrek wees nie. Om vandag as 'n chauvinis, 'n rassis of 'n homofoob uitgeskel te word, is amper so erg as wat dit was om ná die Tweede Wêreldoorlog as 'n Nazi uitgeskel te word. Vir 'n sekulêre samelewing skryf die liberale tydsgees voor wat as onreg beskou moet word. Wat werklik tragies is, is dat hierdie ideologieë ook die kerk en teologiese fakulteite ingesypel het en dat die sekulêre humanisme nou vir die kerk wil voorskryf wat reg en verkeerd is deur die sogenaamde "social gospel". Liberale teoloë laat hulle hierdeur meesleur en die kerk word die kampvegter vir die gemarginaliseerdes en vandaar kry ons die feministiese teologie, swart bevrydingsteologie en queerteologie.

As gereformeerde gelowiges kan ons nie toelaat dat 'n sekulêre samelewing, wat by die dag meer en meer liberaal word, vir ons voorskryf wat reg of verkeerd is en wat dan nou juis as onreg bestempel kan word, al dan nie. Ons beskouing van onreg moet gegrond wees op dít wat die Woord van God vir ons daaroor leer.

> **In Deuteronómium 32:4 staan daar: *Die Rots – volkome is sy werk; want al sy weë is strafgerigte; 'n God van trou en sonder onreg; regverdig en reg is Hy.***

Volgens die Skrif en die belydenisskrifte is God "regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is" (NGB art. 1). In skrille kontras met God wat regverdig en reg is, staan die mens wat as gevolg van die sondeval in sonde ontvang en gebore word en in ons diepste wese verdorwe is. Onreg, ongeregtigheid en onregverdigheid is dus die direkte gevolg van die sondeval.

God haat die onreg, maar Hy het die reg lief. In Jesaja 61:8 staan: *Want Ek, die Here, het die reg lief; Ek haat die roof met onreg.* As God Hom só sterk hieroor uitspreek, moet ons as sy kinders daarom 'n ernstige poging aanwend om vas te stel wat die Bybel bedoel met reg en onreg en met geregtigheid en ongeregtigheid.

In die Ou Testament is daar twee Hebreeuse woorde wat gebruik word vir geregtigheid en regverdigheid. Die woord *mišpāṭ* kom 425 keer in die Ou Testament voor en dit word meesal met "reg" of "geregtigheid" vertaal. Die woord *ṣeḏeqa* beteken regverdig en kom 157 keer in die teks van die Ou Testament voor. Hierdie twee woorde word sowat 36 keer saam met mekaar gebruik. Volgens Tim Keller hou beide hierdie begrippe verband met ons verhouding tot God en ons verhouding tot ons naaste.[1] In daardie lig gesien, is reg en geregtigheid aan die hand van die Bybel dan ten diepste gehoorsaamheid aan of 'n optrede in ooreenstemming met die wet van God. Die Tien Gebooie is God se standaard vir hoe ons moet lewe. Dit is die reëls vir dankbaarheid wat Hy vir ons neergelê het en wanneer ons poog om hierdie gebooie te gehoorsaam, is ons noodwendig gehoorsaam aan die groot liefdesgebod van die Here Jesus, naamlik:

> ***Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself*** **(Mt. 22:37-39).**

Onreg, volgens die Bybel, is dan noodwendig ongehoorsaamheid aan God se Woord. Ongeloof, afgodery, laster en Sabbatsontheiliging, is onreg en 'n skending van die gebod om die Here God lief te hê. Om in gebreke te bly om eer te bewys aan ouers, is 'n onreg. Om moord of egbreek te pleeg, is onreg. Om van my naaste te steel, om valse getuienis teen my naaste te spreek of om my naaste se goed te begeer, is onreg en is 'n oortreding van die gebod om my naaste lief te hê. Onreg geskied in ons verhouding met God en in ons verhouding met mense.

God verwag van sy kinders om reg op te tree teenoor mekaar, maar ook teenoor dié wat buite die gemeente is. In beide die Ou en die Nuwe Testament plaas God groot klem op die versorging van die weerloses, naamlik die weduwees, wese en armes. Reeds in die eerste vyf boeke van die Ou Testament, die Pentateug, word die weduwee en wese by name genoem as daar geskryf staan: *Julle mag geen weduwee of wees verdruk nie* (Ex. 22:22). Hierdie woorde word telkens herhaal. God stel selfs 'n ordereëling in om die versorging van veral weduwees met 'n reëling soos dié van die losser te verseker. Hiervan is die weduwee Rut en haar weduwee-skoonmoeder, Naomi, se lossing deur Boas sekerlik die bekendste voorbeeld. Hierdie reëling het vereis dat die naaste manlike familielid met die weduwee moes trou om aan haar versorging en sekuriteit te bied. Onreg sou dus wees om die weduwees en wese uit te buit of te verwaarloos.

In die Nuwe Testament word gemeentes en gelowiges voortdurend gemaan om na die weduwees en wese om te sien. Die diakenamp word dan ook juis hiervoor in die Handelinge-gemeente ingestel, om die verwaarlosing van die Griekssprekende weduwees aan te spreek (vgl. Hand. 6). In Jakobus 1:27 staan:

> ***Reine en onbesmette godsdiens voor God en die Vader is dít: om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek en jou vlekkeloos te bewaar van die wêreld.***

Die Bybelse opdrag aan gelowiges is om onreg te beveg deur naasteliefde te bewys uit liefde en eerbied aan God. Omdat ons in Christus Jesus deur ons hemelse Vader begenadig is, bewys ons barmhartigheid aan ander. Dit moet egter baie duidelik en ondubbelsinnig vermeld word dat die kerk nie in die eerste plek 'n noodlenigingsorganisasie is nie. Die primêre taak van die gemeente is die verkondiging van die evangelie na buite en die verkondiging van die Woord na binne ter toerusting van die gelowiges vir hulle dienswerk in die koninkryk. Naas Woordverkondiging, is die diens van barmhartigheid die kerk se grootste verantwoordelikheid. Die versorging van die armes, weduwees, wese, bejaardes, siekes en eensames is die kerk se liefdesarbeid en die front waarop ons geroep word om onreg te beveg.

Die Bybel, en nie die tydsgees nie, moet altyd vir ons bepaal wat onreg is en wat nie. Gelowiges moet waaksaam wees om nie in onnadenkendheid meegesleur te word deur die wispelturigheid van die sosiale geregtigheidsbeweging of die sosiale evangelie nie. Uit 'n vrees vir die Here en 'n liefde vir ons naaste, moet ons onsself beywer vir die beëindiging van onreg in ons gemeentes en gemeenskappe. Waar ons weet van onreg, soos die mishandeling of verwaarlosing van vroue en kinders of bejaardes, mag ons nie apaties wees nie, maar moet ons ons verantwoordelikheid opneem en betrokke raak. Waar daar haatspraak is en waar haat aangeblaas word, moet die kerk sy profetiese rol vertolk en sondaars tot bekering oproep en hulle die regte pad aanwys. Ons motivering om onreg te beveg moet nooit wees om polities korrek te wees nie, maar om God te verheerlik.

1 https://bit.ly/31LsF5k



# My kom die wraak toe

**Ds. Markus Matteus**

**WRAAK IS 'N NATUURLIKE REAKSIE OP ONREG – Hollywood is lief daarvoor om rolprente te maak waar die held se familie vermoor word en hy dan reg in eie hande neem deur hulle dood te wreek. Hierdie tipe rolprente verkoop goed, omdat ons kan sien hoe daar geregtigheid geskied teenoor diegene wat andersins dalk nooit vir hulle oortredinge sou betaal nie. Dit spreek tot ons omdat dit partymaal vir ons lyk asof sommige mense bo die reg verhewe is en nooit gestraf word nie.**

By wie van ons het daar nog nie allerhande wraakgedagtes opgekom nie? Dit is 'n natuurlike reaksie wanneer jy skade gely het deur mense wat onreg pleeg. Wanneer daar by jou huis ingebreek is, of wanneer iemand jou skape gesteel het, of wanneer iemand deur geweldsmisdaad geraak is, dan dink ons baie vinnig hoe die skurke gestraf moet word of wat ons hulle sal aandoen wanneer ons hulle in die hande kry.

Dit is egter nie altyd mense van buite ons eie kringe wat onreg pleeg nie. Soms is dit die mense wat die naaste aan jou is, wat jou die seerste maak, juis omdat jy dit nie van hulle verwag nie. Jy kan daarom ook allerhande wraakgedagtes begin koester teenoor jou eie familie of vriende of iemand wat saam met jou in die kerk is. Wat in jou hart leef, beïnvloed jou optrede en daarom gebeur dit soms dat ons, sonder om dit te besef, wraak neem op die mense rondom ons. Wanneer daar byvoorbeeld onmin tussen jou en jou huweliksmaat is omdat jy seergekry het, dan is dit baie maklik om dinge te sê met die doel om die ander een seer te maak. Jy weet jou woorde gaan krenk en juis daarom sê jy dit. Of jy begin die naam van jou medegelowige belaster sover as wat jy gaan, omdat hy of sy jou op een of ander manier te na gekom het.

In Romeine 12:14 vermaan die Here ons egter: *Seën dié wat julle vervolg* en in vers 17 sê die Here: *Moenie kwaad met kwaad vergeld nie.* In vers 19 waarsku die Here ons uitdruklik: *moet julle nie wreek nie!*

## Alle onreg sal gestraf word

Dit is vir 'n Westerse ongelowige byna onmoontlik om hierdie gesindheid in te neem, omdat sy wêreldbeeld dikwels beperk is tot 'n naturalistiese ateïsme. Sterk beïnvloed deur die evolusieleer, beteken dit dat onreg maar net 'n ander vorm van die idee is dat die sterkste een die oorwinnaar is. Wanneer mense só dink, is híerdie lewe al wat daar is en derhalwe kan afgelei word dat diegene wat nie in die hier en die nou vir hulle onreg vergeld word nie, alle regverdige straf sal vryspring.

Christene kan egter heeltemal anders na die onreg van die wêreld om ons kyk; ja, ook van die mense wat naby aan ons is, want ons weet dat die Skepper van die heelal ook die groot Regter is wat sal oordeel oor elke ydele woord wat die mens spreek (vgl. Mt. 12:36). Let op na die woorde van die Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 10: "Hy vertoorn Hom verskriklik oor die aangebore sowel as die werklike sondes en wil dit deur 'n regverdige oordeel tydelik en ewiglik straf". Die antwoord op vraag 11 stel dit vervolgens dat God wel barmhartig, maar ook regverdig is: "Daarom eis sy geregtigheid dat die sonde wat teen God begaan is, ook met die hoogste, dit is, met die ewige straf aan liggaam en siel gestraf moet word."

## God straf soms onmiddellik, maar soms word die oordeel uitgestel

In die Bybel vind ons dit soms dat iemand onmiddellik of kort ná die oortreding vir sy ongeregtigheid gestraf word, soos Herodes wat in Handelinge 12:22-23 toegelaat het dat die volk hom toeroep:

*’n Stem van ’n god en nie van ’n mens nie! En onmiddellik het ’n engel van die Here hom getref, omdat hy die eer nie aan God gegee het nie en hy is deur wurms verteer en het gesterwe.*

Dit gebeur egter heelwat meer dat die straf wat mense verdien, uitgestel word. ’n Voorbeeld hiervan word gesien in die rede waarom die Israeliete vir vier geslagte in Egipte moes woon, voordat hulle die beloofde land as volk in besit kon neem. Die uitroei van die inheemse Kanaänitiese volke deur die banvloek van God, word uitgestel, want die “ongeregtigheid van die Amoriete is tot nog toe nie vol nie”. Die genadetyd oor die Amoriete se sonde het nog nie uitgeloop nie.

Net omdat ons nie onmiddellik sien hoe mense vir die onreg wat hulle pleeg, aan die pen ry nie, beteken dus nie dat die onreg geïgnoreer word of dat hulle nooit gestraf sal word nie. Omdat die genadetyd wat die Here vir hulle beskik het, nog nie uitgeloop het nie, sal baie eers die vergelding vir hulle onreg aan die einde van hulle lewe ontvang. Of die Here onmiddellik straf en of Hy die straf uitstel, ons kan met vaste sekerheid weet: Die Here is ’n regverdige Regter – daar is geen onreg van watter aard ook al wat ongestraf sal bly nie.

## Sommige mense se straf word deur Jesus Christus gedra

Dit laat ons egter terselfdertyd met ’n dilemma, want elkeen van ons staan in die beskuldigdebank. Ons is immers self sondaars wat onreg pleeg. *Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie* (Rom. 3:10). Dit is een van die redes waarom die Here ons verbied om wraak te neem. Kwaad kan nie met kwaad reggemaak word nie en omdat ons van nature sondaarmense is, sal ons wraak noodwendig met kwaad deurdrenk wees. Onregverdige mense kan nie regverdige wraak uitdeel nie. Ons staan dikwels self skuldig aan die dinge waaroor ons wraakgedagtes koester.

Omdat ons self onreg deur ons sonde pleeg, verdien ons dit om onder God se oordeel te val. Die tydelike en ewige straf waarvan die Kategismus praat, ís wat ons toekom. Daar is net een manier om hierdie straf vry te spring en weer met God versoen te word en dit is deur die een Middelaar en Verlosser, Jesus Christus. As waaragtige mens en waaragtige God het Hy die toorn en straf op ons onreg in ons plek gedra. Aan die kruishout het die Here Jesus die wraak wat ons moes ontvang, aan liggaam en siel verduur. As God was Hy in staat om die toorn en straf van God te dra en die dood te oorwin. Vir die redding in Jesus Christus is die gelowige innig dankbaar, sodat ons voortaan met alles in ons gehoorsaam aan die Here wil leef.

Wanneer jy dus volgende keer in allerhande wraakgedagtes verval, is dit baie belangrik om jou eie plek as begenadigde sondaar voor God nie uit die oog te verloor nie. Dit mag dalk net wees dat ander mense wat onreg pleeg, ook op dieselfde wyse deur God begenadig word. Dit kan net wees dat Christus die straf vir hulle oortredinge, die wraak wat hulle verdien, reeds gedra het. Omdat ons nie weet watter pad die Here met mense stap nie, of wanneer die Here die wedergeboorte in iemand se hart bewerk nie, kan dit wees dat selfs iemand wat op die oomblik nie ’n Christen is nie, dit wel later sal word. Daar is geen sonde wat te groot is vir die versoening wat Jesus Christus aan die kruis gebring het nie.

Die Bybel leer ons in Romeine 12 dat ons die onreg wat aan ons gedoen word, nie moet wreek nie, want aan God kom die wraak toe. Hy is die regverdige Wreker van onreg. In hierdie wete kan elke gelowige ontsaglike troos vind te midde van ’n wêreld vol onreg.

**PRETORIA OORNAG KAMERS**


Rustig en skoon. Naby N1,
Menlyn Mall en vyf hospitale.
Selfsorg.

**Kontak Rosi by 082 748 5042**

**Voornemende en huidige PUK-studente**

Drie en-suite gemeubileerde kamers en twee
gemeubileerde eenslaapkamer woonstelle.
1,5 km van NWU-kampus, elektriese omheining
en reaksie sekuriteit met veilige parkering.

**Kontak Willem Davel: 082 338 7386 of
Mias van der Ryst: 083 229 1951**



# Bybelse geregtigheid *versus* valse geregtigheid

**Dr. Chris Saayman[1]**

**Binne die geledere van sommige hoofstroomkerke – ook in die buiteland – word onreg deesdae hand en tand beveg. Op die oog af lyk dit goed. God haat immers onreg – dit staan die hele Bybel vol. Reg en geregtigheid is die grondslag van sy troon (vgl. Ps. 89:15) en Hy verwag van sy mense om reg te doen (vgl. Mig. 6:8).**

En tog blyk dit dat daar met 'n bepaalde definisie van onreg gewerk word – 'n definisie wat nie uit die Skrif en gereformeerde belydenis voortkom nie, maar uit die gedagtegoed van die kulturele Marxisme oftewel sosiale geregtigheidsideologie.

Sommige teologiese fakulteite – waar leraars opgelei word – is klaarblyklik die superverspreiders van hierdie denke.

Met die klassiek-gereformeerde leer is daar byvoorbeeld alreeds weggedoen by die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Pretoria – aldus die dekaan, professor Jerry Pillay. In die plek daarvan kom 'n inklusiewe, ekumeniese beoefening van teologie wat 'n verskeidenheid van kerke en tradisies en godsdienste omhels en inklusiwiteit, diversiteit, gelykheid en 'n openheid vir nuwe idees en epistemologieë (metodes om kennis te bepaal) kweek. Volgens hom word dit doelbewus in leerplanne ingebou. Temas sluit in: die huidige diskoers oor rassisme, armoede, gender, seksualiteit, sosiale geregtigheidskwessies, Afrika-wêreldbeelde, bevrydingsteologie, feministiese teologie, queerteologie, ensovoorts.

Wat sou ander universiteite verhinder om dieselfde roete te volg? Wat in klaskamers van die fakulteite gebeur, val sedert 1998 volledig onder sekulêre staatstoesig. Met ander woorde, 'n staat met 'n humanistiese grondwet, skryf aan die universiteite voor wat hul inhoud moet wees.

Die onreg waarteen daar in sommige kerklike kringe baklei word – soos byvoorbeeld rassediskriminasie, sosiale onreg, diskriminasie teen homoseksuele en transgenders, asook die oordrewe klem op regstellende geregtigheid, kom nie uit die Skrif nie, maar uit die "wokeness"[2] van die sosiale rewolusie met sy humanistiese onderbou. Die wortel hiervan is die filosofie van Karl Marx, waaruit die sosiale geregtigheidsideologie gebore is.

Hiervolgens bestaan die wêreld uit bose onderdrukkers (wat die mag besit) en onderdrukte slagoffers. Geregtigheid moet geskied deur die onderdrukker se mag aan die onderdrukte te gee. Elke mens se identiteit word hiervolgens gekategoriseer volgens klas, etnisiteit, geslag en seksuele oriëntasie. Diegene wat die meeste onderdruk is, besit die beste kennis deur hul eie "geleefde" ervaring en die Skrif moet deur dáárdie lens gelees en geherkonstrueer word. Die "geleefde" ervaring van onderdruktheid van gemarginaliseerdes soos byvoorbeeld vroue, transgenders en homoseksuele, verleen dus die beste verstaan en eksegese van die Bybelteks.

**Dit is duidelik dat hierdie definisie van onreg hemelsbreed van die Skrif se onderrig daaroor verskil. Die sosiale geregtigheidsideologie gebruik die taal van die Skrif om 'n aantreklike boodskap van goeie sosiale waardes soos gelykheid, nie-diskriminasie, geregtigheid en inklusiwiteit in toe te draai, maar dit is ver verwyder van die outentieke, Christelike geloof.**

Kulturele Marxisme is 'n rewolusionêre beweging – 'n kulturele, filosofiese en sosiale opmars waarmee die mensdom besig is ten einde bepaalde ordes omgekeer te kry, maar op die méns se eie voorwaardes (outonoom) en nie op God s'n (teonoom) nie. Niks daarvan is Skriftuurlik nie. Dit is humanistiese waardes wat baie mooi klink, maar wat die mens – in stede van God – in die sentrum plaas.

Ons kan gelykheid en geregtigheid as voorbeelde gebruik. Gelykheid lýk of dit geregtigheid voortbring. In die Skrif vind ons egter nie dié tipe gelykheid wat deur – byvoorbeeld – die feminisme besing word nie, hoofsaaklik omdat die Bybel beheers word deur God se soewereine keuse wat dikwels sommige mense en groepe juis uitsluit. Dink aan sy keuse van een stam bó 'n ander; sy keuse vir die jonger broer bó die ouer broer (Jakob en Esau); sy keuse vir een nasie bó 'n ander; sy keuse dat die manlike geslag sekere rolle in die kerk en die huwelik het wat die vroulike geslag nie het nie en andersom. Byvoorbeeld: Volgens die humanisme sou die kerk onreg pleeg deur vroue daarvan te weerhou om as leraars te dien – terwyl juis dít die weg is waarop die Skrif wys (vgl. 1 Tim. 2:12). God se reg word deur die kulturele Marxisme as onreg bestempel.

Wie ware kerk van Christus wil wees, sal dus moet kies tussen God se openbaring in sy Woord óf die waardes van hierdie humanistiese rewolusie. Die kerk mag nie die twee vermeng nie.

Die probleem is dat dit maklik kan gebeur dat Skrifbehoudende gelowiges van gereformeerde oortuiging afwysend na bogenoemde kerklike scenario kyk en dan – in 'n oorreaksie daarteen – van die Skriftuurlike boodskap rakende die hantering van onreg wegskram.

> **Bybelse geregtigheid is gewortel in God se karakter. Dit straf kwaaddoeners en herstel slagoffers van onreg. Geregtigheid moet geskied ten opsigte van behoeftiges, armes, onskuldiges, vreemdelinge, weduwees, weeskinders en alle mense moet met dieselfde respek behandel word (vgl. Lev. 19:15; Deut. 16:19).**

Die Skrif is vol hiervan. Lees gerus gedeeltes soos Amos 5:24, Sagaría 7:9-10, Miga 6:8, Jeremia 22:3, Psalm 82:3, Spreuke 21:3 en vele ander.

Nooit geskied geregtigheid egter ter wille van die méns se vryheid, regte, welvaart, mag en geluk nie. Bybelse geregtigheid funksioneer binne die kontoere van die evangelieboodskap: die kontoere van God se eer, die mens se verlorenheid in sonde, die versoening in Christus se dood en opstanding, wedergeboorte, regverdigmaking, heiligmaking, verheerliking, ensovoorts. Horisontale geregtigheid is gefundeer in die vertikale geregtigheid van versoening met God deur Christus se verdienste.

Geregtigheid geskied volgens Skriftuurlike riglyne – dit beteken om reg te laat geskied soos God dit wil. Kyk maar in Lukas 4:18-19 hoe bevryding van onderdruktes hand aan hand loop met die verkondiging van die evangelie tot saligheid! Versoening met God in Christus bring die ware humanisme voort. Christus se kerk gee meer om vir geregtigheid as wat ander doen, omdat die kerk binne die raamwerk leef van: a) 'n herstelde verhouding met God, b) die wete dat die mens beelddraer van God is, c) konformering aan God se morele wil soos uitgedruk in die "koninklike wet" (vgl. Jak. 2:8) en d) deur daadwerklik reg te laat geskied aan mense.

Die ware kerk van Christus is dus geroepe om – vanuit die versoening in Christus – op 'n Skriftuurlike wyse geregtigheid te laat geskied en wel op profetiese, priesterlike en koninklike wyse. Dit beteken met Woordverkondiging, gebed en tasbare diens, asook gesag. Die kerk heers ín Christus. Die kerk is diensbaar ín Christus. Die kerk bedien God se Woord en maak 'n verskil ín die wêreld.

Meer as ooit tevore moet die kerk die Bybelse benadering tot sosiale geregtigheid ontdek en toepas en tegelykertyd ook die humanistiese benadering ontmasker vir die dwaling wat dit is.

1 Leraar NG Kerk Tafelberg (dolerend)

2 *Woke* verwys na 'n (dikwels oordrewe) sensitiwiteit vir rassevooroordeel, rassehaat, diskriminasie en (enige vorm van) sosiale onregverdigheid.


## Hartenbos vakansie-akkomodasie

**Marjohandie Woonstel:** 3 slaapkamer, 2 badkamer, oopplan kombuis en leefarea. Slaap 6 persone. DSTV, wasmasjien, skottelgoedwasser, tuimeldroeër, onderdak ingeboude braai. Loopafstand van die see.

**Die Huisie:** 3 slaapkamer, 2 badkamers, oopplan kombuis en leefarea. Slaap 6 persone. DSTV, wasmasjien, verskuifbare braaier. Loopafstand van die see.

*Bring eie bad- en swemhanddoeke. Geen troeteldiere of bediendes nie.* **Kontak Cornelle 082 377 4896**

# Elana Barkhuizen

***Dié juffrou van Schweizer-Reneke het in 2019 bekendheid verwerf toe sy haarself midde-in 'n rasseherrie bevind het. Sy is van rassisme aangekla, nadat sy glo die leerlinge in haar klas volgens ras geskei het. Sy is deur die skool geskors en aan verskeie onregverdige en ongegronde aantygings en veroordelings blootgestel. Uiteindelik het geregtigheid geseëvier, toe die Johannesburgse arbeidshof haar skorsing ter syde gestel het. Sy deel graag 'n paar gedagtes met ons.***


Elana Barkhuizen

**1. Vir Christene is regverdigheid belangrik. Hierdie aantygings moes destyds sekerlik vir jou as 'n groot verrassing én skok gekom het?**

Die groot skok het eers later 'n werklikheid geword, want op daardie stadium het my verstand net eers probeer verwerk wat besig was om te gebeur. Wat was die betekenis van hierdie omstandighede waarin ek myself nou skielik bevind het?

Ek was, soos elke jaar, besig om hierdie nuwe span lyfies te help om aan te pas en gewoond te raak aan 'n nuwe, onbekende wêreld.

Toe ek nou mooi tot verhaal kom, ruk my binneste tot stilstand, want wie is hierdie mense wat ek nie ken nie en my nie ken nie, maar wat my inkleur asof hulle my ken – met húlle opinies en met húlle menings. Dit het gevoel soos toe ek as kind uit die boom my wind uitgeval het – leweloos, woordeloos en verskriklik seer. Die eerste gedagte was nie eers dat dit onregverdig was nie, want ek was totaal verslae.

**2. Hoe het hierdie beskuldigings en onreg jou werksverhoudings en veral verhoudings met lede van die gemeenskap, beïnvloed?**

Ek het 'n ongelooflike ondersteuningsnetwerk gehad: vriendinne, vriende, kollegas, familie en my man. In die vuur van die stryd word onbekende mense, my land en sommer ook die buiteland toe ook my gemeenskap. Dit was ongelooflik, alhoewel "ongelooflik" dit eintlik nie naastenby kan beskryf nie. Toe ek in die stormsee van onregverdigheid gestaan het, het hulle my hande en voete gevat. Daar was nie eers 'n oomblik van twyfel in my hart nie: my ondersteuning was in die oortreffende trap. Ek kon nie genoeg dankie sê en dankbaar genoeg wees nie. Hierdie mense was my "engele". Hulle was nie per ongeluk of per toeval hier nie, nee, hulle is op my pad geplaas. Ek, 'n gewone mens en 'n gewone juffrou, het 'n weermag van "engele" agter en langs my gehad.

Natuurlik was daar ook vraagtekens gewees oor mense en hulle opinies, maar dan het ek net weer besef watter "weermag" agter my staan – wat my hande en voete gedra het.

### 3. Hierdie ervaring het sekerlik ook 'n impak op jou geestelike lewe gehad. Deel met ons iets daarvan.

Ek beskryf hierdie ervaring as my voetpad. Die voetpad was mooi en redelik gemaklik, maar toe kom daar 'n vurk in die pad – 'n vurk wat ek glad nie voorsien het nie. Dit het my op 'n pad gevat met 'n klomp donker draaie; donker bome wat skadu's gooi sodat ek nie die rotse en klippe in die pad kon sien waaroor ek kon struikel nie; dik sand met bosse waaragter wolwe wegkruip. Maar daar is ook "engele" op die pad, jy moet net kies om hulle raak te sien. Hulle kom in baie gestaltes, glo my!

My grootste vraag was: Waarom ek? Wat kan ek tog doen en wie is ek dan om iets te kan doen? En toe kom die oomblik dat ek besef: Hoekom nié ek nie? Daar het alles begin verander. Dankie dat dit ék was wat deur hierdie woud en op hierdie voetpad moes loop. Moenie 'n fout maak nie, in my binneste was ek benoud, maar op daardie oomblik het ek besef dat God my nie op 'n pad sal stuur waarop ek nie sal kan loop nie. Hy weet waartoe ek in staat is. Hy is in beheer van alles en sal elke tree saam met my wees. Dit was die wonderlikste oomblik van helderheid. En dit was my geestelike groeipunt: Daardie oomblik van geloof en vertroue. God het oorgeneem en ek was net deel van sy plan.

### 4. Hoe het jou verhouding met Christus jou bemagtig om hierdie onreg op 'n Godvererende wyse te hanteer?

God het net wonderbaarlik oorgeneem. Dit was ongelooflik. Ek wens ek het die mooiste woorde soos die slim skrywers gehad om dit te beskryf, maar ek kan net sê: ONGELOOFLIK wonderbaarlik!

Ek ken my hart en ek weet wat my hart vir elke liewe kind wat in my klas sit, voel. Dus was ek nie eers bekommerd oor wat hulle gesê het nie. Ek was seergemaak, ja, baie bitterlik seergemaak, maar nie bekommerd nie. Ek weet daar is mense met die mooiste harte wat die onregverdigste dinge oorkom, maar ek was rustig. Ek het geglo wat moet gebeur sal gebeur – ongeag. Alles sal wees soos dit moet wees. Ek het net altyd opreg gebly en by die waarheid gestaan.

### 5. Baie mense sê dat dit nie die moeite werd is om die stryd te stry soos jy hom gestry het en ongeregtigheid te ontmasker nie. Wat is jou reaksie daarop?

Moet nooit, nooit hoop verloor nie. Hoop is verskriklik belangrik. Hoop vir elke dag en hoop vir elke mens. Dit maak nie saak hoe groot of hoe klein jou probleme is nie. As jy hoop het en daaraan vashou, sal dinge uitwerk. Ek kan nie genoeg klem op die woord "hoop" lê nie.

### 6. Jy het geregtigheid gekry. Indien dit egter nie die geval was nie (daar is baie wat nie dieselfde geregtigheid as jy in hierdie lewe kry nie), watter troos het jy daarin dat Christus uiteindelik die Regter is wat oor elkeen sal oordeel?

Solidariteit se regspan was agter my en het my bygestaan. Elke liewe persoon wat deel van hierdie span was, het 'n merkwaardige rol gespeel. Julle sal altyd diep in my hart wees!

Ek wil weer verwys na my voetpad en al die "engele" op hierdie pad. Maak 'n punt daarvan om hulle raak te sien. En dan, God is in beheer van ons voetpad. Ons ken nie sy plan nie, maar Hy is altyd in beheer – soos die gedig *Voetspore*. Daarin word ons herinner dat wanneer ons terugkyk oor ons lewenspad en net een ry spore sien, dit die tye was wat God ons gedra het. God is die Regter. Hy is altyd in beheer – nou en vir altyd.

### 7. Watter raad het jy vir ander wat in soortgelyke situasies as jy verkeer?

My raad sou die volgende wees:

- Die waarheid – bly staan by die waarheid.
- Hou moed.
- Sien die "engele" rondom jou raak.
- Moenie hoop verloor nie.
- God is in beheer – vertrou op Hom.
- Wees dankbaar.
- Daar is verskillende omstandighede en daar is mense met verskillende opinies. Jy het nie beheer oor omstandighede of oor mense se reaksies of hulle opinies nie, maar jy het wel beheer oor hoe jý gaan reageer en gaan optree.



# ’n Beskouing oor die orde, wet en geregtigheid in Christus

**Werner Human**[1]

**Tydens ’n geselligheid vanjaar gesels ek met ’n vriend oor die toename in striemende wetgewing op verskeie vlakke van die samelewing.**

Indien jy ’n lyn trek van hoe wetgewing die afgelope 27 jaar op die gebied van arbeid, Afrikaanse openbare en onafhanklike skole, belasting en die openbare lewe, onder meer, wortelgeskiet en uitgegroei het, is die gevolge daarvan onvermydelik en ingrypend. Verder is die regeringsorde onvriendelik, met ’n magsbehepte staat wie se tentakels toenemend in ons lewens sigbaar is. Die vraag is: Indien dit op dié wyse voortwoed, waar sal dit eindig en wat moet ons antwoord hierop wees?

Die konteks van ons gesprek was gewigtig, aangesien ons die punte probeer verbind het tussen wat tans aan die gebeur is en wat verder te wagte kan wees. Ná ’n lang gesprek oor die talle uitdagings wat hy in sy werk beleef, sy kommer oor die veiligheid van sy gesin en gemeenskap, sy onsekerheid of sy kinders gehalteonderrig in Afrikaans kan ontvang en ook of sy kinders ’n toekoms in Suid-Afrika beskore is, antwoord hy: “Maar dit is nou die wet.”

**Ek pols hom verder: “Waarom die sogenaamde ‘wetswerklikhede’ as sodanig aanvaar?” Hy antwoord met verwysing na sy beroep, dat dit nie omseil kan word nie en dat ons die “wetswerklikheid” moet aanvaar en daarbinne beweeg. In dié antwoord word die normatiewe aard van wetgewing aanvaar en daarmee saamgeleef.**

Die sentiment dat dít wat in wetboeke opgeteken is, reg en geregtigheid veronderstel, is waarskynlik nie geïsoleerd tot ons gesprek nie. Daar is by hom ’n besliste aanvoeling vir ongeregtigheid, maar die formalisering daarvan in wetgewing gee inhoud en “geloofwaardigheid” daaraan. Dit is nie apatie wat ek waargeneem het nie, maar ’n aanvaarding dat daar ’n verband bestaan tussen dít wat wettig is en dít wat “reg” is. Die uiteinde is dat ’n bepaalde soort ongeregtigheid hierdeur genormaliseer word en dat enige betekenisvolle teenkanting derhalwe dikwels verlam word.

Dit gebeur baie dat die bedoeling van ’n stuk wetgewing die botoon tot die inhoud daarvan voer. Die wysiging van die sogenaamde “eiendomsklousule” is ’n sprekende voorbeeld hiervan. Die beweegrede vir dié omstrede wysiging is om dit wat “implisiet” in die Grondwet vervat is, meer uitdruklik te stel. Om regverdige toegang tot eiendom te gee, moet die staat se onteieningsmagte uitgebrei word tot dít wat hulle ag in die openbare belang te wees.

Dikwels stel die aanhef van ’n stuk wetgewing dit so dat gelyke geleenthede gevestig moet word, dat werksekerheid en toegang tot die werksmag bespoedig word, of dat die doel van die wet is om toegang tot mediese sorg te verseker. “As die bedoeling van ’n ‘wet’ goed is, dan moet die wet ook seker reg wees,” lui die gedagtegang. ’n Goeie antwoord hierop is dié van die ekonoom, Milton Friedman, wat gesê het: “Beleide en wette kan nie gemeet word aan die bedoeling daarvan nie, maar aan die uitkoms.”

Waarop ons nie ingegaan het nie, maar wat werd is om te meld, is die verwantskap tussen ’n regeringsorde en die wetgewing wat geproklameer word. Dit is idealisties om te dink dat ons regering net ’n neutrale agent is wat bloot die openbare belang dien deur onder meer wette uit te vaardig en af te dwing.

Professor Koos Malan, professor in publiekereg verbonde aan die Universiteit van Pretoria, skryf in sy boek *There is no Supreme Constitution*, dat wette oor ’n normatiewe dimensie beskik. Daar bestaan as ’t ware ’n regstaal wat

die absolute oppergesag van die grondwet vaspen en as bron dien vir landsburgers oor hoe hulle hulself in die orde behoort te handhaaf. Verder skryf hy dat die aard van die oppergesag van 'n grondwet nie beskrywend is nie, maar van voorskriftelike taal gebruik maak – so asof die grondwet saam met die wette wat daaruit vloei, die sosiale werklikhede kan voorskryf en bepaal.

Wat die vraagstuk oor onreg en wetsbepalings betref, is dit van belang om die regeringsorde en wette in samehang te beskou.

### Is dit wat wettig is, ook reg?

Die beskouing dat daar 'n direkte en onlosmaaklike verwantskap is tussen "wet" en "wat reg is", is so sterk in mense se denke gevestig, dat hulle moeilik buite hierdie lyne oor die saak kan dink. Vir baie is daar nie ruimte vir 'n ander beskouing nie. Hierdie "logiese beskouing" is so deel van ons DNS, dat selfs Christene dit moeilik vind om vanuit hulle lewens- en wêreldbeskouing anders oor die saak te dink. Hierdie vraagstuk vereis verskeie etiese, teologiese en filosofiese oorwegings om dit voldoende te analiseer en 'n dieper begrip daarvoor te ontwikkel.

Die geskiedenis is vol van hierdie oorwegings. Een daarvan is die Neurenberg-verhore, waar die 22 verweerders aangevoer het dat hulle bloot die wette van hul land gehoorsaam het. Aanspreeklikheid was daar nie, want jou optrede strook met die bevele van offisiere en die omgekeerde. Om nié volgens bevele op te tree nie, stel jou ook bloot aan vervolging. "Gewettigde" onreg is nie beperk tot die moderne era nie, maar dit is deel van die eeue-oue geskiedenis. Die wyse waarop onreg begryp moet word en daarteen getuig en opgetree moet word, bly 'n vraagstuk waarmee mense oor die eeue heen worstel.

**As Christene rig ons ons op die Woord van God en verstaan ons onreg as die afwesigheid van getrouheid aan God. Ons benader onreg nie vanuit subjektiewe of eiegeregtige oorwegings nie, maar binne die bestek dat geregtigheid 'n geskenk van God is, waaraan ons deur die Heilige Gees deel kan kry.**

Ons lees in Johannes 1:17 dat genade en waarheid deur Jesus Christus gekom het, en verder in Efésiërs 4:15 dat ons in liefde en genade sal bly en dat ons so in alle opsigte na Christus toe groei. Om na Christus heen te groei, behels ook dat ons getuig téén dit wat verkeerd is en ons optrede rig om die geregtigheid van God na te streef.

God is soewerein en heers oor alles. Ons opdrag, soos in Génesis 2:15 aan ons gestel, is om in die "tuin" te woon, dit te bewerk en dit op te pas. Wat 'n diep en betekenisvolle opdrag is dit nie!

Die samehang in die vraagstuk soos vermeld, lê daarin dat ons taak as gelowiges, en die kerk, is om onreg nie te "kompartementaliseer" of "af te baken" nie; dat die rol van gelowiges en die kerk nie beperk word tot eng "kerklike sake" nie, maar dat die einste onreg van ons tyd daadkragtig binne die raamwerk van God se geregtigheid aangespreek moet word. Die doel is nie om oordele te vel of om onsself die titel van "regspreker" toe te eien nie, maar om deel te vorm van die heerlikheid van God en sy wil op só 'n wyse te volg dat dit altyd vanuit 'n Christelike en nie noodwendig juridiese oogpunt nie, beskou word.

Enige afwyking daarvan lei juis tot subjektiwiteit en "eiegeregtigheid". Binne die Christelike beskouing van wat reg is, is "wat wettig is", nie altyd reg nie. Die Christelike maatstaf vir reg en geregtigheid is objektief, want dit is buite onsself, in die God van waarheid, gesetel.

Die bekende filosoof, Hannah Arendt, het opgemerk dat waar die optrede van owerhede 'n onreg daarstel, dit inderdaad die owerheid op sigself "ongeldig" maak. Dit is om hierdie rede dat die burgery behoort te organiseer en sodoende invloed werf, om daardie onregte te herstel. Sy bepleit nie anargie nie, maar meen dat waar 'n gemeenskap bymekaarkom om onreg te herstel, dit betekenisvol en invloedryk kan wees.

Die konteks van hierdie insig was in 'n tydgleuf van ernstige magsvergrype en oormag van owerhede gedurende die 20ste eeu, waar dié vergrype wel wettig was.

In sy bundel, *Lojale Verset,* sluit NP van Wyk Louw hierby aan: "Opstand is net so noodsaaklik in 'n volk as getrouheid. Dit is nie eens gevaarlik dat 'n rebellie misluk nie; wat gevaarlik is, is dat 'n hele geslag sonder protes sal verbygaan."

Binne die bestek van gelowiges en die kerk, wat hulle op die geregtigheid in Christus rig, kan ons 'n dieper begrip vir onreg ontwikkel en ook daarteen getuig en optree. Ons doen dit in liefde vir ons naaste en tot die verheerliking van God.

1 Operasionele Hoof: Solidariteit Beweging.



# God se oordeel en genade oor volke en individue

**Ds. Ruan Combrink**

**Baie misverstande aangaande die oordeel en genade van God spruit uit die verwaarlosing van een relatief eenvoudige beginsel vir die lees en verstaan van die Bybel. Hierdie beginsel, wat so maklik deur getroue Bybellesers oor die hoof gesien word, is om jouself altyd af te vra: *Wie is in hierdie gedeelte aan die woord en met wie word hier gepraat?* Dit is te maklik om te sê: Dit staan in die Bybel, daarom moet dit waar wees!**

In Matthéüs 4:8-9 is daar 'n duidelike belofte dat al die koninkryke van die wêreld en hul heerlikheid, ontvang kan word deur in aanbidding neer te val. Dit is egter belangrik om raak te sien dat die een wat die belofte maak, die duiwel is wat die Here Jesus probeer versoek om hóm te aanbid!

Selfs wanneer die Here Jesus self aan die woord is, moet ons vra of Hy met 'n spesifieke persoon spreek, met sy dissipels, met die Fariseërs of met 'n skare. Ons moet onsself ook afvra of dít wat Hy sê, binne die spesifieke omstandighede van die eerste hoorders verstaan moet word en of dit vir gelowiges in die algemeen geld.

In Deuteronómium 28 beloof God deur sy profeet, Moses, 'n besondere lys seëninge aan hulle wat na sy stem luister en sy gebooie gehoorsaam (vers 1), asook 'n skrikwekkende lys vervloekinge vir hulle wat nie luister en sy gebooie nie onderhou nie (vers 15).

**Om nie raak te sien dat God in hierdie hoofstuk tot 'n volk spreek nie, kan die leser tot die gevolgtrekking bring dat goddelose individue maklik identifiseerbaar sal wees wanneer al hierdie vloeke hulle te beurt val. Wanneer die seëninge wat hier beskryf word in iemand se lewe opgemerk word, sal dit dan weer 'n aanduiding wees van sy gehoorsaamheid.**

Ons almal ken egter opregte gelowiges op wie die beskrywing van Deuterónomium 28:1-14 nie van toepassing gemaak kan word nie; wat nie in elke aspek van hul lewens geseënd is nie. Die meeste van ons het ook al te doen gekry met mense wat ooglopend skelm of boos is en nie die vloeke van Deuteronómium 28:15-68 beleef nie, maar eerder van die seëninge waarvan ons in die eerste vyftien verse lees.

In Deuteronómium 28:9 word egter duidelik gestel dat die Here hier met 'n volk praat. Dít maak saak, want God werk in oordeel en genade anders met volke as met individue.

## God se oordeel en genade oor volke

God se werkswyse met volke kan beskryf word aan die hand van die beeld van die outydse balansskaal.[1] As korporatiewe eenheid voeg elke volk gedurig óf goeie werke tot die een skaalbak, óf bose dade tot die ander skaalbak toe. Die idee is dat daar onder die bak met die bose werke 'n skakelaar is wat God se oordeel oor daardie volk aktiveer wanneer die bose werke te swaar word en daarop gaan lê.

God verdra dus die boosheid van 'n volk tot op 'n punt. Sy geduld is nie onbeperk nie. So 'n volk se ongeregtigheid het dan vol geword en hulle val as volk, kollektief, onder die oordeel van God. Abraham word byvoorbeeld in Génesis 15:16 belowe dat sy nageslag sal terugkeer na die land wat God hulle gee, maar eers in die vierde geslag, omdat die Amoriete se ongeregtigheid nog nie "vol" was nie. Soortgelyke verwysings verskyn in Jeremia 25:12, waar God verklaar dat Hy die ongeregtigheid van die Babiloniërs oor hulle sal besoek ná die sewentig jaar van ballingskap verby is en in Daniël 9:24, waar gepraat word van die maat van sonde wat vol word voordat die oordeel van God voltrek word.

Op twee plekke in die Ou Testament maak God ook 'n punt daarvan om 'n spreekwoord wat onder die volk leef, te weerspreek. Die spreekwoordelike tande van die kinders wat stomp word omdat die ouers groen druiwe geëet het, suggereer dat 'n volgende geslag gestraf kan word vir die sondes van die vorige geslag (vgl. Jer. 31:29-30 en Eség. 18:1-3). Dit is vanselfsprekend so dat 'n volgende geslag kan ly onder die gevolge van die sondes van die vorige geslag. Daar is natuurlik negatiewe gevolge van sonde waaronder meer mense ly as slegs diegene wat daardie sonde doen. Die Here weerspreek egter in bogenoemde tekste die spreekwoord deur te sê dat elke volgende geslag hul kollektiewe situasie kan verander deur die regte optrede. Elke geslag kan in hul hede die balansskaal beïnvloed, positief of negatief.

Dit is ook duidelik dat selfs geringe bewegings van 'n volk in gehoorsaamheid aan God, genoeg kan wees om sy oordeel ten minste uit te stel. Selfs wat uiteindelik geblyk het 'n oppervlakkige en tydelike bekering in Ninevé te wees, het in Jona 3-4 die oordeel van God uitgestel.

Wat wel ook duidelik is uit die Ou Testament is dat daar een volk is vir wie die skaal anders werk. Israel se oordeel (soos met die ballingskappe) breek baie vinniger aan en word selfs toegedien deur volke wat lank tevore reeds goddeloos opgetree het. Dit blyk dus dat die skakelaar wat Israel se oordeel aktiveer, heelwat nader aan die skaalbak sit. As dit nie was dat dit die regverdige God is wie se handelinge hier ter sprake was nie, sou 'n mens se eerste instink dalk wees dat dit onregverdig is. Dit is egter heel billik as 'n mens verstaan dat God meer verwag van die volk aan wie Hy Homself openbaar het. Israel het die direkte openbaring van God ontvang, sy profete het tot die volk gespreek en hulle het sy wet tot hulle beskikking gehad. Israel behoort van beter te weet. Ons vind dieselfde beginsel in die gelykenis van die talente (vgl. Mt. 25) waar die talente aan die slawe toevertrou word na hul vermoë. Leermeesters word selfs gewaarsku teen 'n groter oordeel (vgl. Jak. 3:1)!

## God se oordeel en genade oor individue

Die groot verskil tussen volke en individue, met betrekking tot die genade en oordeel van God, is dat 'n volk nie 'n siel het wat van sonde verlos kan word nie. Daarom handel God in die Bybel fisies en teenswoordig met volke. Volke kan byvoorbeeld vergaan, uitsterf of uitgedelg word. Handelinge 17:26 sê immers dat God nie net die grense van die woonplek van elke nasie vasgestel het nie, maar ook die tye. Dit is nie die geval met individue nie. Elke mens het 'n siel met 'n ewige bestemming, die ewige lewe (hemel), of die ewige dood (hel).

Om God se handelinge met volke as tydsgebonde, fisiese entiteite op individue toe te pas, lei gevolglik tot die idees van werkheiligheid, welvaartsteologie en 'n verwronge beeld van hoe God se genade en oordeel werk. God se handelinge met volke en individue staan natuurlik nie geheel los van mekaar nie. Volke word saamgestel uit individue in hul gesinne, families en gemeenskappe. Mense kan dus die seën ontvang wat oor 'n volk uitgestort word, maar die teendeel geld ook. Godvresende individue kan ly onder die oordeel wat 'n goddelose volk tref.

> **Wat God se besondere oordeel en genade oor individue betref, is daar nie sprake van genade op grond van 'n positiewe balans op die balansskaal nie. Vir elke mens is die skaal skandelik oorlaai aan die kant van ongeregtigheid.**

Daarom staan elke mens onder die oordeel van God. Romeine 3:23 bevestig dat almal gesondig het en dat dit hulle ontbreek aan die heerlikheid van God. Ongeregtigheid kan nie uitgewis word met goeie dade nie – dit moet gestraf word, omdat God regverdig is.

Die enigste manier waarop God genade aan individue bewys, is deur hulle sonde te straf aan die volmaak-regverdige Middelaar, Jesus Christus, en dan die geregtigheid wat Hy verdien het, aan hulle te skenk. Elkeen wat deur die werking van die Gees die geregtigheid van Christus ontvang, sal deur die genade van God ook die ewige lewe deelagtig wees. Elkeen wat die genade van Christus verwerp, sal bly onder die oordeel van God. Hierdie genade en oordeel oor individue is nie bloot fisies en tydelik nie, maar allesomvattend en ewig. Die individue wat hierdie genade ontvang, maak dan uiteindelik ook God se volk op wat ook kollektief tot in ewigheid onder God se seën sal leef.

'n Laaste mistasting om te vermy, is om te dink dat die mense van die Ou Testament onder die volksmodel en die mense van die Nuwe Testament onder die individumodel leef. Dit is natuurlik nie waar nie. Galásiërs 3:6 sê dat die geloof van Abraham hom tot geregtigheid gereken is. Hebreërs 11 maak dieselfde punt deur te wys

1 Hierdie beeld word geneem uit Hill & Walton, 2009, *A survey of the Old Testament*, Zondervan, bl. 538-539.

op voorbeelde van geloof uit die Ou Testament. God eis in die Ou Testament geloof in Hom om die mens te verlos. Dit was nie 'n vereiste om presies te weet hoe Hy dit sou doen nie. Geloof, ook in die Ou Testament, is immers 'n vaste vertroue in die dinge wat ons hoop en 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie (vgl. Hebr. 11:1) en natuurlik 'n gawe van God.

Die straf op die sonde van Ou Testamentiese gelowiges, is deur die Here Jesus aan die kruis gedra en hulle geregtigheid is die geregtigheid wat Hy verdien het en wat aan hulle toegereken word. Dat die vleeswording van die Seun van God ná hulle tyd gebeur het, doen net so min afbreuk aan hierdie werklikheid as dat dit vóór ons tyd gebeur het. God is nie gebonde aan tyd nie en dit is 'n fout om Hom te probeer inperk op die tydlyn waarbinne ons leef.

Dit is gevaarlik om met menslike oë na volkere van ons tyd te kyk en te probeer vasstel hoe die oordeel behoort te lyk wat aan die alsiende en alwyse God behoort. Kyk 'n mens egter na die toestand van ons volk, is dit nie vergesog om te verklaar dat ons onder die oordeel van God staan nie. Dit is egter ook so dat 'n kollektiewe terugkeer na die Woord van God die volk se omstandighede kan verander. Al manier hoe dit egter kan gebeur, is wanneer die individue wat daardie volk saamstel, sê: Ek staan onder die ewige genade van Jesus Christus.

---

Vervolg vanaf bl. 7

# Sondaars in die hand van 'n toornige God

nie. Dit mag wees dat hulle baie op hul gemak is en al hierdie dinge aanhoor sonder om regtig daardeur geraak te word. As ons maar geweet het van net een persoon in die hele gemeente wat die voorwerp van hierdie ellende is, wat 'n verskriklike ding moet dit nie wees om dít te weet nie! Hoe sal die res van die gemeente nie treur en bitterlik oor so iemand ween nie! Maar helaas, in plaas van net een, hoeveel is daar wat die kans staan om hierdie preek eers in die hel te onthou? Julle is egter in die land van die lewendes en in die huis van God en het die kans op redding. Wat sou daardie arme, vervloekte en hopelose siele in die hel nie gegee het om net vir een dag die geleentheid te hê wat julle nou het nie?

Julle het 'n buitengewone geleentheid, 'n dag waarop die deur van Christus se genade wyd oopstaan. Hy staan in die deur. Hy roep na en pleit met 'n groot stem by arme sondaars. Dit is 'n dag waarop baie na Hom sal kom en die koninkryk sal binnegaan. Hoe verskriklik moet dit nie wees om op so 'n dag agtergelaat te word nie! Hoe kan jy een oomblik rustig wees terwyl jy in so 'n toestand verkeer?

Is daar nie baie hier wat al lank in hierdie wêreld is, maar tot vandag toe nog nie wedergebore is en dus nie deel van die Israel van God is nie; wat hulle lewe lank niks anders gedoen het as om woede op te bou oor die dag van oordeel nie? Menere, julle saak is in die besonder gevaarlik. Julle skuld en hardheid van hart is baie groot. Julle het nodig om op julself ag te slaan en te ontwaak.

En julle jong manne en vroue, sal julle hierdie kosbare tyd in die wind slaan wat julle nou beleef, waar so baie van júlle ouderdom die ydelheid van die jeug aflê en na Christus stroom? Julle het in die besonder nou 'n wonderlike geleentheid.


En julle, onbekeerde kinders, weet julle nie dat julle op pad hel toe is om die verskriklike oordeel te beleef van dié God wat dag en nag toornig oor julle is nie? Sal julle maar daarmee tevrede wees om kinders van die duiwel te bly, terwyl daar soveel kinders in die land is wat tot bekering kom?

Laat elkeen wat nog buite Christus is en oor die afgrond van die hel hang, ag slaan op die harde en duidelike oproepe van God se Woord en sy voorsienigheid. Die mens se hart is verhard en hulle skuld neem hand oor hand toe op 'n dag soos hierdie, waar hulle hul siele verwaarloos. Nog nooit was die gevaar so groot dat sulke mense aan die hardheid van hul harte en die blindheid van die verstand oorgegee sal word nie. Ongetwyfeld is dit nou soos in die tyd van Johannes die Doper – die byl lê teen die wortel van die boom en daardie boom wat nie goeie vrugte dra nie, sal afgekap en in die vuur gegooi word.

Laat elkeen wat daarom buite Christus is, ontwaak en wegvlug van die komende oordeel. Laat elkeen uit Sodom vlug: *Moenie omkyk nie, en moenie êrens in die Jordaanstreek bly staan nie. Vlug na die gebergte, dat jy nie omkom nie!*

# BYBELWOORDBLOK: GOD HAAT ONREG (Ester 4-7; Ps. 94:23)

OPGESTEL DEUR
DALEEN PIENAAR 2021




## LEIDRADE: Ester 4-7

**Dwars**

1. Om te sterf (4:14)
3. Om byval te vind (5:14)
4. ’n Koninklike opdrag (4:3)
7. Wrewel, gramskap (5:9)
9. Gedenkskrif, annale (6:1)
11. Vorm deel van die feesmaal (5:6)
12. Oop ruimte voor die paleis (4:6)
15. Weggevlug, ontneem (6:1)
16. Keuse, vooruitsig (5:8)
18. Ontsteld, paniek (7:6)
19. Onthouding van voedsel (4:3)
20. Lae, gemene (7:6)
22. Drumpelwagter (6:2)
24. Haman se stemming (5:14)
27. Mandaat (4:10)
29. Bewaring, beskerming (7:7)
31. Gereedgemaak (5:4)
33. Iets nalaat om te doen (6:10)
34. Rydier van die koning (6:8)
35. Ahasvéros se vrou (4:4)
36. Dienaars, diensknegte (7:4)
37. Teëstander (7:6)

**Af**

2. Dit in rouproses geskeur (4:1)
3. Bitterlik gehuil (4:3)
4. Om te beteuel (5:10)
5. Ingang na die paleis (4:2)
6. Skade aan koning se belange (7:4)
8. Vasgestelde vastyd (4:16)
10. Beswaarlik (7:8)
12. Inhoud van die skatkis (4:7)
13. Reproduksie van bevelskrif (4:8)
14. Haman se vrou (5:10)
16. Koninklike voorskrif (4:11)
17. Nagrus (6:1)
19. Om te ontvlug (4:13)
21. Skavot (5:14)
23. Afgeneem, uitgewoed (7:10)
25. Uiterlike teken van smart (4:1)
26. Hofdienaar van die koning (6:2)
28. Gunsbewys (4:8)
30. Bewys van erkenning (6:3)
31. Smartlik (4:1)
32. Onheil, ellende (7:4)

*En Hy laat hulle ongeregtighede op hulle terugkeer en verdelg hulle in hul boosheid; die Here onse God verdelg hulle* (Ps. 94:23).



# Vloekpsalms as antwoord op onreg

**Ds. Attie Boshoff**

**Mag 'n mens die volgende soos die Psalmdigters en selfs saam met hulle bid: *Verbreek die arm van die goddelose en slegte; besoek sy goddeloosheid totdat U niks vind nie!* (Ps. 10:15), of: *Laat hulle laer woes word, laat in hulle tente geen bewoner wees nie* (Ps. 69:26); of selfs: *Laat hulle uitgedelg word uit die boek van die lewe en nie saam met die regverdiges opgeskrywe word nie* (Ps. 69:29)? Mag 'n mens bid dat die Here sekere mense doodeenvoudig moet uitdelg?**

Of (Ps. 94:1-2): *God van wraak, o HERE, God van wraak, verskyn in ligglans! Verhef U, o regter van die aarde, vergeld die trotsaards hulle dade!* Is die HERE 'n God van wraak? Waar is dan die liefde en genade waarvan die Psalmdigters ook skryf? Wou Luther nie juis ontsnap van 'n toornige God van oordeel en wraak nie?

Mag 'n mens God vra om die volgende te doen:

> *O God, verbreek hulle tande in hulle mond, slaan die tande van die jong leeus uit, o HERE! Laat hulle vergaan soos water wat wegloop; as hy sy pyle rig, laat hulle wees asof hulle stomp geword het. Laat hulle wees soos 'n slak wat wegsmelt so ver as hy loop, soos 'n misgeboorte wat die son nie gesien het nie"* (Ps. 58:7-9).

Mag 'n mens bid dat die Here iemand maak soos 'n "slak wat wegsmelt" of soos 'n "misgeboorte"? Is die volgende gesindheid soos beskryf in Psalm 139:21-22 iets wat jy moet troetel of van ontslae moet raak:

> *HERE, sou ek dié nie haat wat vir U haat, en 'n afsku hê van die wat teen U opstaan nie? Ek haat hulle met 'n volkome haat; vyande is hulle vir my!*

Kan u glo dit staan in die Bybel? Dit klink nie baie Christelik nie! Dit is beslis erg, maar dit staan ook inderdaad in die Bybel! Dit is werklikwaar gebede wat ernstige gelowiges tot die ware God – die Here van die verbond – gebid het.

Waarom? Want die omstandighede wat hulle beleef het, was inderdaad erg.

## Agtergrond

Sonder om in die besonderhede van elke afsonderlike Vloekpsalm, Oordeelspsalm of Wraakpsalm in te gaan, kan 'n mens aanneem ons het te doen met rou emosie ná erge trauma. Die mense in die Ou Testamentiese tyd het inderdaad erge dinge beleef. Die heidense volke het swanger vroue oopgesny, kinders is verpletter, mense is van kranse afgegooi en verpletter (vgl. 2 Kon. 8:12; 2 Kron. 25:12; Hos. 14:1; Amos 1:13; Jes. 13:16). Vroue is onteer. Die gruwelikste dinge is aan mense gedoen.

In hierdie Vloekpsalms gaan dit ten diepste om reg en onreg. Onreg kan nie net gelate aanvaar word nie. Na wie toe gaan jy wanneer die ergste onreg denkbaar gebeur? Jy gaan na die magtigste persoon wat jy ken om iets aan hierdie onreg en gruwels te doen. Is daar op aarde niemand wat by magte is om iets daaraan te doen nie, gaan jy na die Almagtige, die Koning van hemel en aarde!

Die Vloekpsalms is gerig teen God se vyande wat sy volk of sy gesalfde met ongekende geweld en onreg bedreig. Dit is nie teen jóú persoonlike teenstanders gemik, omdat jy oor enige kleinigheid gekrenk voel nie.

Die gebede van die Vloekpsalms word gebid wanneer jy alles in die hande van God oorgee. Hy is die Regter. Hy oordeel regverdig. Die wraak kom Hom toe (vgl. Deut. 32:35, Rom. 12:19, Hebr. 10:30)! Die Vloekpsalms gaan inderdaad oor reg en geregtigheid. Op aarde is daar baie onreg wat klaarblyklik ongestraf verbygaan. Die bidders van hierdie gedeeltes neem hulle toevlug tot God, die Heer wat alles vanuit die hemel aanskou en volkome reg laat geskied (vgl. Totius-berymings Ps. 33:7, 8; Ps. 146:7; Ps. 147:2).

### Wat leer die Vloekpsalms ons?

God is die Koning; die Wetgewer. Niemand kan sy wette ongestraf verbreek of ignoreer nie. Die Vloekpsalms herinner ons dat daar'n objektiewe maatstaf vir reg en verkeerd is – God en sy wet! Ons leef in 'n tyd waar menseregte en onbeskroomde humanisme hoogty vier. Ons leef in 'n tyd waar reg bepaal word deur wat vir die meerderheid aanvaarbaar is. Dit werk genadiglik nie so nie. God is Koning, sy reg geld, sy wette hou stand. Sy wette is die maatstaf waarvolgens geoordeel sal word.

Die Vloekpsalms leer ons ook dat niemand met die verbreking en oortreding van God se wette gaan wegkom nie. Al lyk dit asof dit op aarde oorgesien word, weet ons God sal in geregtigheid alle onreg straf. Daar sal geen onreg ontglip wat ongestraf sal bly nie. Reg en geregtigheid sal geskied, al geskied dit nie op aarde nie. Die goddelose loop hom vas op die oordeelsdag – dan sal hy vinniger wegkwyn as 'n slak ... Hulle sal met ewige strawwe vergeld word vir hul boosheid. *Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God* (Hebr. 10:31).

Die Here beskerm sy volk, sy gesalfde, sy kinders. Israel het dit beleef. Dawid het dit beleef. In die geskiedenis word duidelik gesien hoedat mense se onreg nie onveroordeeld en ongestraf in die vergetelheid raak nie. Die aardse oordeel, die aardse wiel wat draai, is maar 'n klein blik op wat in die ewigheid gaan gebeur. Daar gaan die gelowige ewige beskerming geniet, terwyl die goddelose ewige straf gaan verduur!

Ons mag eerlik met die Here wees. Maar, ons stel onsself ook voor sy aangesig net soos wat ons ons teenstanders voor sy aangesig stel. Daarom sê die bidder in Psalm 139 nie net dat hy God se vyande volkome haat nie, maar hy vra ook dat die Here sy hart sal toets en deurgrond (vgl. Ps. 139:21-24). Dieselfde God wat ons vyande se optrede moet oordeel, oordeel ook ons eie harte.

Die Vloekpsalms leer ons om ons te beywer vir reg, geregtigheid en goedheid. Ons getuig immers met ons lewe van God wat óns wese met sý Wese vervul. Dit gaan nie in die Vloekpsalms oor óns nie, maar oor Gód. Die Vloekpsalms verkondig God se Naam oor die hele aarde. Die ganse aarde sal weet dat Hý God en Regter is!

### Die Vloekpsalms en vergelding?

Die Vloekpsalms leer ons om nie reg in eie hande te neem nie. Die gelowige mens is weliswaar nie passief nie en gee daarom nie by voorbaat oor nie. Hy neem egter ten diepste sy toevlug tot die lewende God. Hy neem nie self wraak nie. Die wraak kom God toe.

God wreek Hom op sonde en onreg. Hy sal die goddelose regverdig vergeld. Hy doen dit op twee maniere.

In die eerste plek straf God die sondaar. Wanneer die boek van die lewe geopen word, sal álles vir die sondaar voorgehou word wat hy op aarde gedoen het. Die sondaar sal volle verantwoordelikheid daarvoor dra. In 2 Korinthiërs 5:10 lees ons dat elkeen geoordeel sal word volgens wat hy gedoen het. Openbaring 20:15 sê dat diegene wie se name nie in die boek van die lewe opgeskryf is nie, in die poel van vuur gewerp sal word.

Tweedens wreek God Hom ook volkome op die sonde en onreg van die mensdom, deur die oordeel daarvan op sy Seun te laat kom. Christus het die oneindige straf van God op Hom geneem en in Godverlatenheid gesterf. Hy het die volle straf op sonde gedra en het die dood oorwin. Hy lewe en gee lewe aan dié wat in Hom glo. Hulle oortredings word nie aan hulself gestraf nie, maar hulle oortredings is aan Hóm gestraf. Hulle ontvang nie die oordeel van God nie, maar die genade van God!

Omdat God oordeel, en sy oordeel volkome is, hoef ons nie reg in eie hande te neem nie. Ons moet egter sy oordeel so volledig vertrou, dat ons ook bereid is om te aanvaar dat Hy soms ook ons vyande se straf op sy skouers geneem het.


Miroslav Volf (Kroatiese Protestantse teoloog) het gesê: "Die beoefening van nie-vergelding, vereis 'n geloof in Goddelike wraak."

Onreg word inderdaad gestraf!

**SUIDKUS MARGATE** – Loopafstand van hoofstrand

2 Slaapkamer – 6 persone. See- en brander-uitsig van balkon. 2 x onderdak parkering.

**Skakel Liezl vir tariewe 082 788 9304 of skakel of sms Thys: 082 921 1922**



# Ek is verontreg. Hoe hanteer 'n Christen dit?

**Ds. Gerhard Blom**

> Hoog bo die onreg wat hier woel,
> staan God se heil'ge regterstoel,
> van waar Hy in ontferming
> die weduwees hul reg verskaf,
> die wees se onderdrukkers straf
> en waak tot hul beskerming.
> Wie eensaam is, hom stel Hy in
> die volheid van 'n huisgesin.
> Hy breek die slawebande
> van wie hier in gevang'nis smag;
> maar wie Hom hoon in sy gesag,
> dié woon in dorre lande.

Só het Totius Psalm 68:3 berym. Hierdie beryming, saam met gedeeltes in die Bybel soos Hábakuk, gee vir ons praktiese raad teen onreg. Ook in die Nuwe Testament is daar vir ons goeie raad en perspektief op onreg – ook vanaf die Here Jesus Christus self – nie net in wat Hy gesê het nie, maar ook deur die voorbeeld wat Hy vir ons gestel het.

Vooraf moet ons verstaan wat met "onreg" bedoel word. Volgens die HAT het dit te make met dít wat onregverdig of onbillik is; dat iemand skreiend te na gekom word.

Prakties kan ons sommer aan baie voorbeelde van onreg dink in die tyd en wêreld waarin Christene hulleself bevind. Dink byvoorbeeld aan dinge soos swart ekonomiese bemagtiging (SEB); die kwotastelsel in sport, diskriminasie in die werkplek, by die skool of universiteit op grond van ras, taal en velkleur. Daar is ook onreg in die vorm van korrupsie en bedrog. Dink maar aan die Saamboubank-fiasko jare gelede of piramideskemas soos die Sharemax-debakel, wat mense uit al hulle geld belieg en bedrieg het. Dink ook maar aan al die belastinggeld wat wederregtelik op duur spogmotors verkwis word, terwyl dienslewering aan en instandhouding van dorpe en stede byna tot niet is.

Al hierdie dinge maak Christene moedeloos en raadop. As beelddraers van God het ons 'n "ingeboude" sin vir geregtigheid (vgl. Efés. 4:24) en daarom smag en verlang ons daarna. Die probleem is egter: Ons verwag regsbetragting, maar ons kry regsveragting en regsverkragting (vgl. Jes. 5:7). Die vraag is nou: Hoe hanteer 'n Christen dit prakties?

As Christene moet ons eerstens weet dat ons nie ván hierdie wêreld is nie; maar slegs ín hierdie sondige wêreld is. Dit is 'n wêreld wat ons haat, daarom sal dit onreg teen ons pleeg (vgl. Joh. 15:18-19). Christus sê egter: ... *hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin* (Joh. 16:33). In en deur Hom is ons ook oorwinnaars (vgl. Rom. 8:37).

Tweedens moet ons verstaan dat ons dikwels deel het aan die onreg van hierdie wêreld weens ons sonde en deur ons stilswye ten tye van onreg. Daarom is dit soms God self wat die onreg oor ons toelaat – dit is dan die gevolge van ons sonde (vgl. Hab. 1:5-6).

Onreg sal altyd daar wees. Ons moet leer om dit te aanvaar (vgl. Pred. 3:16), hoewel ons nie daarmee tevrede hoef te wees nie. *Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe* (Hab. 2:4). In die geloof vertrou ons op God om ons tot die wederkoms te seën, te behoed en te midde van 'n wêreld vol onreg, te bewaar. Ons het moed en hoop want ons weet: "Hoog bo die onreg wat hier woel, staan God se heil'ge regterstoel."

Ons hoef nie vir ewig na geregtigheid te smag, asof die uitkoms daarvan net in ons hande lê nie – aan die einde van die tyd sal God regverdig oordeel. God laat die onreg nou toe, sodat Hy die onregplegers by die wederkoms kan veroordeel (vgl. Spr. 16:4 en 2 Petr. 2:9).

Ons hoef ons daarom nie te wreek nie, want die wraak kom God toe (vgl. Deut. 32:35; Hebr. 10:30; Rom. 12:19). God sal regverdig oordeel, die regverdiges sal beloon word en die onregverdiges sal gestraf word.

Hábakuk 2:6-19 beskryf die onreg van die wêreld so goed dat dit voel asof Hábakuk 'n skrywer in 2022 is. Hábakuk 2:6-19 staan bekend as die "wee-uitroepe" – wee hierdie mense, want hulle sal geoordeel word – ellende wag op hulle ...

Dit is dan ook in lyn met wat die wyse Salomo (vgl. Spr. 16:8), Job (vgl. Job. 4:8) en Paulus (vgl. Kol. 3:25) oor die onreg en die onregverdiges opmerk (vgl. ook Jes. 5:16-23).

> **Juis daarom: ... *vergeld niemand kwaad vir kwaad nie; bedink wat goed is voor alle mense ...* (Rom. 12:17) en: *Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie* (Rom. 12:21).**

Ten spyte van die onreg in hierdie wêreld, verloor ons nie hoop en moed nie, want ons weet God is in beheer. Hy regeer oor ons vanuit die hemel "van waar Hy in ontferming: die weduwees hul reg verskaf, die wees se onderdrukkers straf, en waak tot hul beskerming".

Die Here ontferm Hom oor sy kinders (vgl. Ps. 103:13). Die kerk, die bruid van Christus, wat weduwee en wees is vanweë haar sonde en ongeregtigheid – dié vergewe Hy (vgl. Ps. 103:10). God verskaf ook aan haar reg – die kerk is dalk in hierdie wêreld die vervolgde, maar dít sal sy nie vir altyd wees nie. Reg en geregtigheid sal geskied. Hy sal ook die wees se onderdrukkers straf (vgl. Hab. 2:6-19).

Al word ons ook alles as gevolg van onreg ontneem, nogtans vertrou ons op God, want: "Wie eensaam is, hom stel Hy in die volheid van 'n huisgesin."

Die gemeente is die uitgebreide huisgesin van Christene. Ons is mekaar se broers en susters in die geloof, maar is ook verantwoordelik om mekaar teen onreg te vermaan. Ons bemoedig mekaar te midde van die onreg wat rondom ons woel.

Al voel ons dikwels soos slawe van ons onregverdige omstandighede en die sondige wêreld waarin ons leef, verloor ons nie moed nie, want: "Hy breek die slawebande van wie hier in gevang'nis smag."

In en deur Jesus Christus en sy soenverdienste, is ons vrygemaak van sonde en ongeregtigheid. Daarom leef ons nie meer as slawe van die sondige wêreld met sy onreg nie, maar soos vrygekooptes van God oor wie die sonde en ongeregtigheid nie meer heers nie (vgl. Rom. 6:14).

Dit beteken dat ons ook in hierdie lewe nie meer slawe hoef te wees van die sonde en ongeregtigheid nie, maar dat ons daarteen moet stry.

Maar hoe stry die Christen in hierdie lewe op 'n praktiese wyse teen die onreg en sonde van die wêreld? Deur Jesus Christus se voorbeeld na te volg en na sy woorde te luister. Opgesom beteken dit natuurlik liefde teenoor God en ons naaste.

Heel dikwels beteken dit dat ek ten tye van onreg die ander wang moet draai (vgl. Mt. 5:39) en die ekstra myl van naasteliefde moet loop (vgl. Mt. 5:41).

Ons moet hierdie uitdrukkings egter baie mooi verstaan. Om die ander wang te draai, beteken nie dat ek maar moet staan en toekyk hoe onreg geskied en gepleeg word nie. Nee, dit beteken dat ek bereid is om op te staan teen die onreg. Ek ignoreer dit nie of vlug daarvan weg nie, maar al word ek dan op die linkerwang geslaan omdat ek dit teenstaan, is ek bereid om ook op die regterwang geslaan te word terwyl ek die kwaad deur die goeie oorwin (vgl. Rom. 12:21).

> **In 1 Thessalonicense 5:15 skryf Paulus: *Sorg dat niemand 'n ander kwaad vir kwaad vergeld nie; maar jaag altyd na wat goed is, teenoor mekaar sowel as teenoor almal.***

Hoe anders kan ons "sorg" as ons nie bereid is om op te staan vir wat reg is nie? Christene moet deur hulle goeie voorbeeld die onreg in die wêreld teenstaan en dit in geregtigheid verander. Dit kan net gebeur wanneer ons in die krag van die Gees bereid is om die ekstra myl te loop. Verder mag ons nie swyg oor die onreg nie, maar ons mag ook soos Hábakuk biddend voor God smeek dat Hy 'n einde aan die onreg moet bring en ons mag ook vra vir genade en krag om die onreg teen te staan en 'n verandering deur ons aksies teweeg te bring.

Christene gee nie moed op in hierdie wêreld van onreg en sonde nie, want ons verwag iets beter. In 'n wêreld waar selfgesentreerdheid en die soeke na eie gewin soveel wêreldlinge onreg teen ander laat pleeg, weet die Christen: "Maar wie Hom hoon in sy gesag, dié woon in dorre lande".

As gelowiges is ons verwagting in die Regverdige gesetel en sien ons uit na die vervulling van 2 Petrus 3:13: *Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon.*

HULDEBLYK

## Ds. JJ (Kosie) Venter (9/02/1937 – 15/12/2021)

# Digter of boer?

**Deur Braam van Tonder (kleinseun)**

Frans von Suppe se bekende komposisie beeld die eksentrieke leefstyl van die digter uit teenoor die haastige gewerskaf van die plaaslewe. Ds. Kosie Venter was een wat dit reggekry het om beide kante van Prediker 3 uit te leef.



Kort ná sy geboorte in Kuruman, verhuis die gesin (wat later 9 kinders sou word), na Schweizer-Reneke. Die jonge Kosie, wat die derde kind was, voltooi hier sy skoolloopbaan, verwerf die BA-graad met Sosiologie en Wysbegeerte aan die PU vir CHO en help sy pa as messelaar. Kort daarna ontmoet hy die huishoudkunde-onderwyseres, Rina Pieterse, en op op 11 Mei 1961 het dié twee trou aan mekaar beloof – 'n huwelik wat 60 jaar sou duur. Hierdie tydperk het met welsynswerk by YSKOR, Venterspostmyn en Roodepoort begin, en gebou op verdere sosiologiese studies oor veral alkoholisme onder vroue. Kosie Venter voltooi 'n verdere honneurs-, meesters- en doktorsgraad, waarvan laasgenoemde weens 'n misverstand nie toegeken is nie.

In 1971 keer hy terug na die teologiese skool met drie spruite reeds in die huis en aanvaar in 1975 die beroep na die Gereformeerde Kerk, Vanderbijlpark-Oos. Sy messelwerk het dadelik tot voordeel van die gemeente gestrek en hulle kerkgebou is ná ses maande in Oktober 1977 voltooi. In 1979 word hy na Randfontein beroep en in 1982 na die Schweizer/Bloemhof-kombinasie.

Dit is hier waar ds. Kosie tot vier keer per Sondag gepreek het, sy eie beesboerdery gehad het, aangesluit het by die AP Kerk en waar hy nuwe gemeentes help stig of uitgebou het. Hierdie gemeentes sluit in Hoopstad, Hertzogville, Dealesville, Boshoff, Christiana, Jan Kempdorp en Barkley-Wes.

Wanneer die son gesak het, was ds. Kosie vroeg in die vere, maar vroeg, ja, báie vroeg soggens, moes die digter en kunssinnige mens ook gevoed word. 'n Predikant skryf seker 'n paar boeke vol preke gedurende 'n leeftyd, maar nie minder nie as 22 klein digbundels verskyn ook uit hierdie bouerboer se hand. Daarmee saam ook al 150 Psalms en 'n paar Skrifberymings. Dalk, soos hy in die voorwoord noem, was dit om die verouderde Afrikaanse vorme te vervang, maar die weg van Totius was definitief ook een wat hy wou loop. Sy talle konsertinas, kitare en baie ander instrumente het baie vriende vermaak.

Een vinnige improvisasie by die dood van sy skoonseun, sou by hierdie digter se einde kon lui: *Stille Nag, Heilige Nag, die Here het op 15 Desember vir Kosie gewag*. Hy word oorleef deur sy vrou Rina, 5 kinders, 14 kleinkinders en 8 agterkleinkinders.

So was dan die lewe van my oupa: digter én boer.

### SONDER VREES

*Toe ek gebore is lank gelede*
*Het dit met pyn gepaard gegaan.*
*Geboortevrees ontlok gebede.*
*Die dood het langs haar bed gestaan.*
*By my was daar geen vrees*
*Om gebore te wees*

*Nou wonder ek of dit ook so*
*Sal wees as ek moet sterf.*
*Sal U, o God, in wie ek glo*
*Die halms van my lewensgerf*
*Wat so met pyn gesaai*
*So vreesloos maai?*

**LEONARDVILLE**

## ’n Geseënde 2021

Met die skryf van hierdie berig, het 2021 al amper op sy rug gelê. Nog eens ’n genadejaar! Nog eens soveel om voor dankbaar te wees! Ons het heelwat lidmate gehad wat in die afgelope jaar ernstig siek was. Die meerderheid van hulle het genadiglik volkome herstel. Ons het ongelukkig twee lidmate aan die dood afgestaan.

Op 16 Junie 2021 het hierdie gemeente ’n volle 30 jaar oud geword! Ons poging om bymekaar te kom en dit feestelik te vier, is deur landsregulasies ernstig in die wiele gery. Maar ons het op die ou einde die eerste naweek van Oktober in die Namib – by Tolous Lodge – bymekaargekom om die Here se genade te herdenk. Gedurende dieselfde naweek is ons vier finalejaarkatkisante se afronding hanteer.

Ons 30ste bestaansjaar het ’n buitengewone basaar opgelewer. Die rekordboeke is herskryf toe ’n bedrag van N$217,000 ingesamel is! *Soli Deo Gloria*. Dit het daartoe gelei dat die leraar en kerkraadsvoorsitter se baarde eers afgeskeer is, daarna die snorre en op die ou einde is die koppe sommer kaal geskeer. Daar was ’n paar kerkraadslede wat saamgespeel het.

Aan die begin van November 2021 het ons finalejaarkatkisante die geleentheid gehad om belydenis van geloof af te lê. Ons bid hulle die seën van die Here toe!

Ds. Albert Boshoff



*Verjaardagkoek in die Namib*


*Lourens Cornelissen by Maltahöhe-preekpunt*


*Johan-Hendrik Jansen by Maltahöhe-preekpunt*


*Katkisante Dina-Marie Binneman en Paul-Hendrik van Zyl by Aranos-preekpunt*

**VOORNEMENDE EN HUIDIGE KOVSIES 2022.** Vind u geestelike tuiste en skakel in by ons bedrywighede.
**AP Kerk Bainsvlei – Kontak ons by 082 614 5857**

**DOONSIDE (2 km van Toti)**

Shangrila: Seefront, 2 + 3 slaapkamers; sommige DSTV.
Onderdak parkering. Braaiplek, winkel, wassery.
Superwaarde.

082 821 2601 / 012 006 1064
www.shangrilaholidayflats.co.za

**OORNAG TE BLOEMFONTEIN**

Selfsorg oornagkamers elk met:
minikombuis en -badkamer, lugreëling, TV, braai- en vriesgeriewe, veilige onderdak parkering

Slaap 1-4 en 1-5. Naby N1

**Skakel Belie by 051 433 2635 of 072 342 7530**

**DERBY**

## 'n Terugblik op 2021

2021 was 'n baie uitdagende jaar vir ons almal, maar met die Here se nabyheid het ons daardeur gekom. Die Covid-19-pandemie was nie net in die land teenwoordig nie, maar het ook ons gemeente binnegedring. Vir 'n paar weke kon ons nie die Here loof en prys in die kerkgebou nie, maar moes op ons eie na boodskappe luister of kyk.

Almal in die gemeente het hoogtepunte en laagtepunte beleef. Verskeie uitdagings het oor ons pad gekom. Hartseer, siektes, eensaamheid (Covid-19 het families en vriende van mekaar verwyder) en dood van geliefdes.

Hoogtepunte was die boodskappe van hoop en bemoediging wat besoekende predikante aan ons in hierdie moeilike tyd gebring het.

## Môremark

Môremarkte kon weer voortgaan, waarmee ons fondse kon in om die huis van die Here in stand te kan hou. Gemeentelede kon weer kuier, al was maskers en ontsmetting deel van die dag.

## Jeuguitstappie

'n Uitstappie vir die jeug was nog 'n hoogtepunt. In Augustus het 'n twintigtal "jeug" vroegoggend opgestaan en die koue getrotseer om die te sien hoe die son opkom en in die natuur die Here te kon loof en prys. Warm koffie en beskuit het die innerlike verwarm en versterk. Later is 'n heerlike ontbyt aan ons voorsien.

Mag elkeen van ons 'n besondere 2022 tegemoetstap in die teenwoordigheid van die Here.

Elaine Claassens


*Môremark*


*Môremark*


*Jeuguitstappie*


*Jeuguitstappie*

**NIGEL**

## Gesamentlike afrondingskamp

Fonteine en Nigel (ds. Jaques Boonzaier): *Die afgelope jaar of twee se COVID-19-inperkings het gemeentes van talle kerkfunksies en -aangeleenthede ontneem. Dit was daarom 'n groot voorreg om vanaf 4 tot 7 Oktober 2021 met 'n groot groep finalejaarkatkisante 'n afrondingskamp by die Majuba-feesterrein te kon aanbied.*



*Afrondingskamp*

Gedurende die verbondsonderrigjare behandel verbondskinders van graad 1 tot graad 11 'n verskeidenheid van leerstof. Die doel van die afrondingskamp was dat die gelofte wat deur die finalejaarkatkisante afgelê gaan word, behandel word. Die gemeentes van AP Kerk Nigel, Fonteine, Petrus Steyn en Bothaville het saamgespan om hierdie geleentheid moontlik te maak.



*Afrondingskamp*

Bothaville (ds. Lourens du Preez): *Aangesien ons kinders die fokus van die kamp was, is hulle terugvoer uiters belangrik. Die terugvoer van die katkisante dui veral op twee kardinale aspekte. Die eerste sentreer rondom die erns en sentraliteit van die Woord, wat duidelik geblyk het uit al die gesprekke tydens die kamp. Ons kinders het 'n groot waardering vir elkeen wat vanuit die Woord elke saak begrond en verduidelik.*

Die tweede saak het veral gehandel rondom die eenheid wat met ander kinders ervaar word. Die vreugde en opgewondenheid dat daar ander kinders is wat ons liefde vir die waarheid en ons volkseie deel, was vir ons kinders waarlik 'n riem onder die hart.

Petrus Steyn (ds. Ryno van As): *Dit was 'n uitsonderlike geleentheid waar drie jongmanne van hierdie gemeente kans gekry het om met katkisante van ander gemeentes skouer te skuur, vriendskapsbande te vorm en saam oor die gelofte wat hulle gaan maak, te peins.*

Graag bedank ons almal wat by die kamp betrokke was en sien uit na 'n volgende geleentheid.

## Belydenis van geloof

Op 7 November 2021 het Ignus Vermaak, Bernadine Vermaak, Jana van der Westhuizen, MJ Boonzaier en Hein du Rand (nie op foto) belydenis van hulle geloof afgelê. Die diens is waargeneem deur ds. Jaques Boonzaier. Dit is met 'n baie dankbare hart wat die AP Kerk Nigel haar nuwe belydende lidmate verwelkom.



*Ignus, Bernadine, Jana, ds. Jacques en MJ Boonzaier*

Ingestuur

## BESTEK VIR BYBELKENNISEKSAMEN 2022

| Graad | Ou Testament | Nuwe Testament | Handboek |
|---|---|---|---|
| **Graad 4** | Exodus 1-3 (20) | Matthéüs 13:1-52, 18:15-35, 20:1-16 (20) | Les 1-9 (10) |
| **Graad 5** | Exodus 4-6 (20) | Matthéüs 21:28-46, 24:45-25:46 (20) | Les 1-9 (10) |
| **Graad 6** | Exodus 7-9 (20) | Matthéüs 22:1-14, Lukas 10:25-37, 11:5-13, 13:6-9, 14:7-14 (20) | Les 1-9 (10) |
| **Graad 7** | Exodus 10-13 (35) | Lukas 15:1-16:13, 19-31, 18:1-14 (35) | Les 1-9 (30) |
| **Graad 8** | Josua 1-4 (35) | Lukas 1-2 (35) | Les 1-9 (30) |
| **Graad 9** | Josua 5-7 (35) | Lukas 4-5 (35) | Les 1-9 (30) |
| **Graad 10** | Josua 8-10 (35) | Lukas 22-23 (35) | Les 1-9 (30) |
| **Graad 11** | Josua 11, 23-24 (35) | Lukas 24, Johannes 20-21 (35) | Les 1-9 (30) |
| **Belydende** | Rigters 1-4 (35) | Handelinge 9-10 (35) | HK v/a 24-49 (30) |

**Wil u in *Die Boodskapper* adverteer? Stuur 'n e-pos na boodskapper@apk.co.za**

## Gemeentenuus – ons wil graag van u hoor!

Stuur asseblief alle gemeentenuus in Microsoft Word-formaat aan ons. Nuusbrokkies moet nie langer as 300 woorde wees nie en ook nie ouer as ses maande nie. Ons wil graag foto's saam met u berig plaas. Stuur dit asseblief apart aan en nie as deel van die Word-dokument nie. Ons benodig die oorspronklike, hoë resolusie foto's. Stuur u gemeentenuus na boodskapper@apk.co.za vir plasing.

**BLOKKIESRAAISEL ANTWOORDE:** DES. 2021/JAN. 2022, BL. 9

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 A | N | 2 G | O | E | 3 S | M | 4 D | B |
| 5 E | S | 6 B | 7 N | D | 8 M | 9 O | G | A |
| 10 O | D | M | 11 G | B | A | E | N | S |
| D | 12 M | 13 A | 14 B | G | E | N | S | O |
| 15 S | E | O | D | M | 16 N | A | 17 B | 18 G |
| B | G | N | 19 S | A | 20 O | 21 D | E | 22 M |
| M | A | D | 23 E | S | 24 B | 25 G | O | N |
| G | 26 O | S | M | N | 27 D | B | 28 A | E |
| 29 N | B | 30 E | 31 A | O | G | 32 S | M | 33 D |

1. Maand (A); 2. Oorweldig (G); 3. Skape (S); 4. Doeke (D); 5. Elisabet (E); 6. Gabriël (B); 7. Engel (N); 8. Menigte (M); 9. Koninkryk (O); 10. Allerhoogste (O); 11. Geprys (G); 12. Maria (M); 13. Swanger (A); 14. Herberg (B); 15. Násaret (S); 16. Antwoord (N); 17. Betlehem (B); 18. Gegroet (G); 19. Josef (S); 20. Ouderdom (O); 21. Ewigheid (D); 22. Onmoontlikheid (M); 23. Einde (E); 24. Welbehae (B); 25. Begenadigde (G); 26. Ontsteld (O); 27. Stad (D); 28. Nagedink (A); 29. Landstreek (N); 30. Bloedverwant (E); 31. Oral (A); 32. Saligmaker (S); 33. Oorskadu (D)

| **Tonge** | - - - |
|---|---|
| Groot | Lk. 1:46 |
| Trone | Lk. 1:52 |
| Sonde | Lk. 1:78 |
| Doeke | Lk. 2:7 |
| Voete | Lk. 1:79 |
| Groet | Lk. 1:41 |
| Geglo | Lk. 1:45 |

| Sonde | Mt. 1:21 (ekv.) |
|---|---|
| Josef | Mt. 1:19 |
| Ooste | Mt. 2:1 |
| Groot | Mt. 2:10 |
| Woord | Mt. 1:23 |
| **Doper** | - - - |
| Droom | Mt. 2:12 |
| Toorn | Mt. 3:7 |

WARMBAD

## ’n Dag om te onthou

Dit was ’n besondere dag vir ds. Pieter en Deané (néé van Aswegen) Malan (AP Kerk Warmbad) om op 16 Oktober die ringe aan te steek en die vreugdesvure tot laat te laat brand. Reeds van Vrydag af is die feesproppe die hoogtes in, met die vrolikheid van ’n naweektroue dik in die lug.

In uitdagende tye was dit góéd vir die siel om weer uit hierdie stroom – opwellend aan hoop – te kon drink: hoe skitterend en stralend wit sal die bruid eenmaal staan aan die sy van die Bruidegom. Sy Naam sy geloofd.

As die begin so skitterend blink was, dink net hoe mooi kan die toekomslinte vir hulle uit die hemel uitwapper. Ons wens julle diepe vreugde toe op jul lewensreis!

Ds. Wickus Malan



*Ds. Pieter en Deané Malan*

POSTMASBURG

## Belydenis van geloof afgelê

5 Desember 2021 was ’n spesiale dag vir die AP Kerk Postmasburg, asook vir familie en vriende van twee jong dames wat belydenis van geloof afgelê het.

Baie geluk aan Danien Jacobs en Madelein Barnard. Ons wens vir hulle alles wat mooi is toe as belydende lidmate.

Mev. M Vermeulen




*Belydenisaflegging*

Die Boekwinkel
LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS

Het jy geweet ons publikasies kan ook aanlyn bestel word?
Gaan loer gerus by **www.apk.co.za/boekwinkel/**



**Selfsorg akkommodasie met:** MAJUBA 1881

Saal, herberg, kothuise en kamp staanplekke.

NUUT: 4x4 baan, bergfiets/wandelroetes.

Ideaal geleë op die N11, 3 ure vanaf Pretoria.

**Skakel Theuns Snyman by 079 274 7978**

**Natal Suidkus – Southport**

Lekker, gerieflike selfsorg tuinwoonstelle te huur vir vakansie. Ten volle toegerus. Loopafstand van die see, braaigeriewe, see uitsig, DSTV ens.

***Kom ontspan in ’n rustige stil omgewing!***

**Kontak Hendrie: 072 932 1070**

**POTGIETERSRUS**

## Belydenisaflegging


*Belydenisaflegging*

Ons 2021-finalejaarkatkisante van die AP Kerk Potgietersrus was bevoorreg om ds. Philip Buitendag se laaste groep katkisante te wees. Ons het as voormalige dooplidmate hierdie jaar, onder leiding van ds. Philip, saam in die geloof gegroei, waardevolle lesse geleer en as gemeenskap van heilges ons Vader geloof, geprys en gedien. Ons is deur die loop van die jaar deeglik voorberei vir hierdie belangrike dag en is deur ds. Philip, sowel as deur die ouderlingeraad, ingelig aangaande ons verantwoordelikhede wat gepaard gaan met die openbare belydenis van geloof.

Ons geloofsbelydenisaflegging op 14 November 2021 was 'n besonderse dag, waar ons ons vreugde saam met ons vriende en familie kon deel. Dit is 'n groot stap in 'n jongmens se lewe wat met groot erns en verantwoordelikheid gepaard moet gaan.

Die jaar het weer eens sy talle uitdagings gehad, met die kerke wat gesluit was en beperkings op die aantal lidmate wat teenwoordig mag wees tydens 'n erediens. Danksy die nuwe tegnologie kon ons steeds voortgaan met ons verbondsonderrig en op datum met ons lesse bly. Ons is baie dankbaar vir die feit dat ons, ten spyte van Covid-19 en al die inperkings, steeds kon voortgaan en die jaar suksesvol kon afsluit.

Ons Hemelse Vader het ons hierdie jaar geseën met 'n voorganger wat ons met kennis en liefde voorberei het vir 'n toekoms as belydende lidmate van die AP Kerk Potgietersrus. Ons het ook waardevolle pitkos ontvang wat ons op ons lewensreis kan gebruik ,om ons op die regte pad te hou. Ons wens ds. Philip slegs voorspoed en God se rykste seën toe vir die nuwe hoofstuk van sy lewe.

Jolanie Nel

**AP KERKDASSE**

Wit Kerkraadsdasse @ R120
10 en 20 jaar gedenkdasse ook beskikbaar op navraag

**VIR BESTELLINGS**
kontak Sonja Horn
Tel 015 2988028
Faks 0865305709

e-pos pietersburg@apkerk.co.za

Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling
**Kantoorure:** Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00

**Oornagverblyf Kroonstad**

2 Gemeubileerde kamers met beddegoed
15 kamers met 2 beddens elk en ablusiegeriewe, asook karavaanstaanplekke.
Kan ook groepe van ongeveer 70 persone huisves.
Volledig toegeruste kombuis op aanvraag beskikbaar.
Kontak Annette Kok by 079 768 0525 vir verdere navrae of besprekings.

**IS JOU REKENAAR BEGROTING BEPERK WEENS COVID-19?**

Ons verkoop opgeknapte (refurbished) rekenaars, skootrekenaars en bedieners. Alle opgeknapte rekenaars het 'n een jaar waarborg. Ons koerier landswyd!

**Kontak Pieter by 083 214 3521 of pieter@activepc.co.za**

**BLOEMFONTEIN OORNAG-WOONSTEL**

• Ruim luukse oornag-woonstel met eg Suid-Afrikaanse gasvryheid • Veilige parkering • Skoon, netjies • Kleur TV • Stil en rustige atmosfeer

Tel: (051) 522-6035 / Sel: 082 726 9959

**DERBY**

## Belydenis van geloof

Gedurende Oktober 2021 het vyf finalejaar-katkisante en een volwasse voornemende belydende lidmaat, belydenis van geloof afgelê. Prof. Alwyn Swanepoel het by die geleentheid waargeneem.

## Kerssangdiens

Die Kerssangdiens het aan die beurt gekom. Pragtige sang en panfluitmusiek het die gemeente en besoekers in ’n kersstemming geplaas. Ná die tyd het almal heerlik gesmul aan die eetgoed wat deur die susters voorgesit is.

Die verbondserkenningsgeleentheid het gevolg, waar die verbondskinders elkeen hulle sertifikaat van getroue bywoning ontvang het.

Gedurende Desember het die susters ’n afsluitingsgeselligheid by “Mossie Koffie” op Derby gehad. Tussen die teedrinkery en koeketery deur, is daar plantjies uitgeruil en heerlik gelag, gesels en gekuier.

Maar die jaar is ook gekenmerk deur laagtepunte. Baie van ons gemeentelede was siek aan COVID-19 en het selfs in die hospitaal beland. Weereens het ons die krag van gebed gesien en met die wil van die Here is hulle genees, want elkeen het beslis nog ’n taak om op aarde en veral by die AP Kerk Derby te vervul.

Daar is egter huise met leë plekkies waar geliefdes aan die dood afgestaan is: oom Jan Jansen, oom Vossie Voss, tannie Kleintjie Reinecke en Eduardt Swart.

Al hierdie uitdagings het ons almal geestelik laat groei en laat besef God is in beheer van ons lewens. Ons kan wik, maar God beskik. Spreuke 16:9: *Die hart van die mens dink sy weg uit, maar die HERE rig sy voetstappe.*

Mag elkeen van ons ’n besondere 2022 tege-moetstap in die teenwoordigheid van die Here.

Elaine Claassens



*Belydenisaflegging*




*V.l.n.r.: Mila Jordt, Sanet Vosloo, Amy Buys. Agter: Leon botes (kategeet), Justus Jones, Jan Janse, JP Mynhardt en prof. Alwyn Swanepoel*



*Kerssangdiens*



*Kerssangdiens*



# Negatiewe invloed van die Engelse (Britte) op die Suid-Afrikaanse geskiedenis

**Dr. Pieter Möller**

In hierdie artikel sal sodanige invloed hoofsaaklik tot voor 1877 in oënskou geneem word. Reeds in 1795, tydens die eerste Britse besetting van die Kaap, was hierdie negatiewe gesindheid al waarneembaar.

Goewerneur Lord Macartney het John Barrow by Frans Bresler, wat twee jaar tevore deur generaal Craig as landdros van Graaff-Reinet aangestel is, gevoeg. 'n Swakker keuse kon kwalik bedink word, aangesien hy mettertyd as sogenaamde "kenner" van Oosgrensaangeleenthede 'n boek, *Travels into the interior of Southern Africa*, geskryf het waarin die blanke Oosgrensboere in 'n baie swak lig gestel is. Hierdie en soortgelyke geskrifte, wat later die lig gesien het, het ongetwyfeld groot invloed op die Kaapse goewerneurs en die Britse regering gehad, wat altyd die blaam vir enige iets negatief voor die deur van die "takhaarboere" gelê het.

Tydens die tweede Britse besetting van die Kaap in 1806, het die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap – Read, Van der Kemp en later ook dr. John Philip – 'n voortdurende stroom verslae na onder meer die Britse Minister van Kolonies gestuur, waarin die koloniste in 'n swak lig gestel en hulle karakters beswadder is. Die Xhosas en Hottentotte is daarenteen altyd van alle blaam onthef. Dit was hierdie minister wat die Kaapse goewerneurs in hulle poste aangestel het. Die goewerneurs het derhalwe reeds bevooroordeeld na die Kaap gekom. In sy boek *Researches in South Africa*, het Philip dan ook as kampvegter vir die Xhosas en Hottentotte opgetree. Soos in Barrow se boek, het dit gewemel van onwaarhede en oordrywings. Hierdie optrede het die verhouding tussen swart en blank verder vertroebel en het byvoorbeeld aanleiding gegee tot die Swarte Ommegang van 1812, waartydens die blankes die aangeklaagdes was en die Slagtersnekrebellie van 1815, waarin die Oosgrensboere weer aan die kortste end was.

Talle Oosgrensboere het mettertyd besluit dat hulle nie langer onder 'n regering wat so teen hulle diskrimineer, kon bly nie. Tussen 6 000 en 10 000 burgers het tydens die Groot Trek van 1835-1838 vir goed die Kaapkolonie verlaat. In sy Manifes van 22 Februarie 1837 beskryf Pieter Retief al die euwels waaraan die Oosgrensboere onderwerp was en dit blyk dan ook vanselfsprekend dat dit te wyte was aan die swak Engelse bestuur.

Die Engelse het ook hierdie poging van die Voortrekkers om onder die swak en onderdrukkende regeringstelsel uit te kom en vryheid te verwerf, probeer verongeluk deur in 1836 die *Cape of Good Hope Punishment Act* uit te vaardig waardeur die hele Suid-Afrika tot by die 25° suiderbreedte, ongeveer tot by die huidige Pienaarsrivier, onder Britse gesag sou wees. Dit was egter 'n dooie wet wat op geen manier toegepas kon word nie en die Voortrekkers het hulle ook nie daaraan gesteur nie. Daarop het die Engelse dit vir die Voortrekkers moeilik probeer maak deur verdrae met swart stamme te sluit onder wie se gesag die Voortrekkers dan kwansuis sou wees. Dit was ook nie geslaagd nie, maar het weldra wrange vrugte gedra, soos uit die geskiedenis van die Republiek Natalia sou blyk. Om hulle uit te lewer aan die barbare, is daar ook 'n verbod op die verkoop van wapens en ammunisie aan hulle, ingestel.

Die gesindheid van die Britse Minister van Kolonies (Koloniale Sekretaris) teenoor ons voorouers, blyk duidelik uit die volgende mededeling enkele jare later aan kaptein Smith (die latere sir Harry Smith):

> ***I would advise you to enter in friendly relations with those chiefs* (dié met wie die blankes in die Trans-Oranje moeilikheid gehad het); *tell them the British Government will help them. If they choose, the Governor of the Cape will send them an officer to reside amongst them, and aid them by his advice and directions. His first step is to induce the chiefs to establish a confederacy against the Boers.***

Vervolg op bl. 36





# Die ouer as opvoeder

**Charlotte Fourie**

**“Julle kinders is die soetste dingetjies!”** antwoord die vriendelike juffrou by die kleuterskool my vraag oor ons kinders se gedrag deur die loop van die kleuterskooldag. Dit verstom my elke keer hoe drasties die onderwysers se terugvoer en my eie ervaring by die huis verskil. My vriendinne troos my en sê: “Jou kinders is stouter by die huis, omdat hulle gemakliker by jou is – dit is eintlik ’n kompliment!” Maar is dit regtig so?

Onlangs, ná ’n lang en spanningsvolle dag by die werk, moes ek my kinders by die skool gaan haal en huis toe neem. My man het op daardie dag bietjie laat gewerk en ek moes myself voorberei om die aandroetine alleen aan te pak. Met my gemoed reeds diep in my skoene, het ek die drie kinders in die motor gelaai en huis toe gery.

> **“Die ouer is ook ’n opvoeder,” herroep ek toe ’n onlangse gesprek wat ek met kollegas gehad het en by die eerste rooi verkeerslig besluit ek dat ek my aandroetine as ’n opvoeder gaan aanpak en nie net as ’n ouer nie. *Wat sou ’n onderwyser vanaand met my drie kinders doen?***

## Wat is ’n opvoeder?

Opvoeders is persone wat ’n kind tot volwassenheid vorm. Om opgevoed te word, is om van *onder* af *op* te gaan, terwyl jy *gevoed* en *geleer* word. Die vorming wat ’n opvoeder doen, vind op twee maniere plaas: deur onderrig (voor staan) en deur ’n voorbeeld te stel (voor loop). Kyk na die woord “onderwys”: om van bo af na *onder* te *wys* wat om te doen en *wysheid* oor te dra, omdat jy die kind liefhet. Die betekenis van die woord “dissipline” is soortgelyk: om iemand te *onderrig* (van bo na onder) om ’n sekere *gedrag* te toon. Dalk kan ons dan aanvaar dat waar daar opvoeding is, is daar ook dissipline.

Iewers het dit die norm vir die meeste van ons geword om die onderriggedeelte van ouerskap net aan ons skole toe te vertrou. Ek moet bieg dat ek ook verlig was om ná drie jaar my kinders in die kleuterskool te sit en net te vertrou dat hulle goed opgevoed sal word. Die onderwysers by die skool is mos immers bekwaam om te doen wat hulle moet doen.

## Die ouer se taak as opvoeder

God gee in sy Woord vir ouers die opdrag om hulle kinders in sy weë op te voed. Aangesien dit ’n omvattende, gespesialiseerde en soms baie uitdagende taak is, mag ouers ook van ander gelowiges gebruik maak om hulle daarmee te help, maar nie noodwendig om die verantwoordelikheid daarvoor oor te neem nie.

’n Gelowige onderwyser vorm deel van die gemeenskap wat ons kinders moet opvoed en daarom staan hulle nie bo of onder ons as ouers nie, maar *langs* ons. Jy kan jou kind se akademiese opvoeding gerus aan ’n Christelike onderwyser toevertrou, maar jou eie taak as opvoeder bly staan: Om God se kind wat Hy aan jou gegee is, groot te maak om Hom te ken.

## Christus as die eerste Onderwyser

*... ons weet dat U ’n leraar is wat van God gekom het ...* (Johannes 3:2). Christus is ons Leermeester en ons kinders behoort aan Hom en nie aan ons, aan hulleself of aan die staat nie. Christus wil sy volgelinge onderrig om sy Vader te dien en Hy wil dit doen met die ouer as instrument. God het julle, die pa en ma van kinders, geroep om julle kinders vir hul roeping in die volwasse wêreld voor te berei.

## Jou lesplanne

Baie sal dalk redeneer dat die geroepe onderwysers ’n voorsprong het wanneer dit kom by goeie ouerskap – hulle het immers gestudeer om jongmense te verstaan en te onderrig. Hier is vyf stappe wat ouers kan gebruik om ook opvoeders in die huis te wees:

**1 Stel doelwitte:** Jy kan nie raakskiet as jy nie eers gemik het nie. Staan elke oggend op, erken dat jy geroep is om vandag God se kind(ers) op te voed en besluit wat jy die dag met jou kind wil bereik.

**2 Beplan die lesinhoud:** Wat is die lesse wat God deur jou wil laat leer? Jy kan nie iets onderrig wat jy nie self ken, verstaan of glo nie (vra enige onderwyser). Skerp jou eie kennis van die Woord op, gebruik bronne en vra jou geloofsgemeenskap se insette.

**3 Kies onderrigstrategieë en pas dit toe:** Hóé gaan jy die kennis oordra? Dit sal afhang van die inhoud, die omstandighede, die kind se ouderdom en die beskikbare hulpbronne. Die perfekte tyd sal duidelik word wanneer jy net in die oomblik ontvanklik daarvoor is (en nié dalk die hele tyd op jou selfoon of skootrekenaar doenig is nie). Dalk is dit tydens 'n rugbywedstryd, wanneer jy 'n redenaarstoespraak skryf of selfs gedurende die rit op pad huis toe.

**4 Evalueer:** Het julle en jul kinders die doelwitte van die leerervaring bereik? Het jou kind God se beeld in jou ouerskap gesien? Asem jou kind God se teenwoordigheid in die huishouding in? Kon jy jou kind vandag in verwondering laat oor die *ware*, die *goeie* en die *skone*?

**5 Refleksie:** Wat het julle hieruit geleer? Ons raak te min stil en dink te min terug aan wat ons gedoen en geleer het gedurende die dag – en hoe ons daarop kan verbeter. Leer jou kind om deurlopend te reflekteer op gesprekke, gevoelens en gedrag teenoor ander. Gebruik hierdie refleksie om nuwe doelwitte te stel.

***Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag. En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan*** **(Deut. 6:5-7).**

---

Vervolg vanaf bl. 34

## Negatiewe invloed van die Engelse (Britte) op die Suid-Afrikaanse geskiedenis

Ná die onderwerping van die Zoeloes het die Voortrekkers op grond van die militêre oorwinning en die traktaat van grondafstand, die Republiek Natalia in 1838 gestig. Maar helaas, die vreugde oor die vryheid om oor hulleself te regeer, was van korte duur. Vyf jaar later het die Engelse Natal geannekseer, nadat daar (soos gewoonlik) sogenaamd in belang van swartes (in hierdie geval die Bacas en Pondo's) ingegryp is. Die Pondo's het dan ook op aandrang van sendelinge beskerming van die Kaapse goewerneur gevra, waaraan gehoor gegee is.

**Ná die Britse anneksasie was die toestand as gevolg van die swak bestuur weldra maar weer soos dit aan die Oosgrens was. Talle Voortrekkers het dadelik hulle goed gevat en getrek, maar sommige het tot 1848 uitgehou en toe ook die gebied verlaat. Nogeens het die Engelse kom oes waar hulle nie gesaai het nie.**

Sommige wat Natal verlaat het, het hulle in die latere Oranje-Vrystaat gevestig en ander in die Transvaal. Nie te lank nie of die Voortrekkers in die Trans-Oranje het moeilikheid met die Griekwas en Basoeto's gehad en dit het tot gewapende botsings aanleiding gegee. Ook hier het die Engelse op vermetele wyse ingemeng in 'n gebied waar hulle geen seggenskap gehad het nie. Verdragstate is met die nie-blankes gesluit, wat die blankes onder hulle gesag geplaas het. Adam Kok van die Griekwas het hom op die Kaapse goewerneur beroep, wat positief reageer het en selfs troepe gestuur het. In 'n geveg by Swartkoppies het die Griekwas met dié hulp die Trekboere (nie Voortrekkers nie) verslaan. Verdere inmenging het gevolg toe 'n Britse verteenwoordiger in 1846 in Bloemfontein aangestel is en dit is gevolg deur die Britse anneksasie van die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier twee jaar later.

Vanweë probleme wat die Britte met swart stamme ondervind het, het hulle in 1852 met die sluiting van die Sandrivierkonvensie die eerste keer erken dat 'n deel van die Voortrekkers vry is. Toe sake vir hulle verbeter, het hulle dit, met die verstrek van onwaar en skynredes, ongedaan gemaak met die anneksasie van Transvaal (ZAR) op 12 April 1877. Die Transvaalse burgers sou egter nie bly berus in die omstandighede nie, maar het hulle enkele jare later weer vrygeveg. Op onderduims-laakbare wyse het die Engelse probeer om die ZAR op elke denkbare wyse te ondermyn en uiteindelik ook daarin geslaag om 'n oorlog te bewerkstellig, waarin gruwels soos die verwoesting van die Republieke deur die verskroeide-aardebeleid en die moorde op derduisende vrouens en kinders in die konsentrasiekampe, plaasgevind het.

# SMELTOOND

• *Februarie 2022* •



# Die groot vlieg in die inentingsalf

Om te ent of nie te ent nie, kan binnekort die begin of einde van 'n professionele sportloopbaan beteken. Die wêreld se voorste manstennisspeler, die Serwiër Novak Djokovic, is een van die eerstes om ernstig met hierdie "geregverdigde onreg" kennis te maak. Australië, waar dié drama homself afspeel, is een van die lande met die strengste Covid-19-regulasies. Volgens Tennis Australië kommunikeer hulle aan alle voornemende spelers wat die land besoek dat inenting "nie net die regte ding is om te doen om hulself en ander te beskerm nie, maar ook die beste manier om te verseker dat hulle Australië kan binnekom", aldus Reuters.[1]

Djokovic het mediese vrywaring ontvang om aan die eerste Grand Slam-toernooi van 2022 in Australië deel te neem. Met sy aankoms in Australië, is sy visum by die Melbourne-lughawe se immigrasie-kontrolepunt gekanselleer, omdat hy hom nie teen die Koronavirus laat inent het nie. 'n Regter het egter beveel dat Djokovic se visum aan hom terugbesorg moet word. Die Australiese minister van immigrasie, Alex Hawke, het egter op 14 Januarie sy ministeriële magte gebruik om, ten spyte van die hofuitspraak, tog Djokovic se visum te kanselleer.

Dit wil lyk asof ander lande kort op die hakke van Australië oor dieselfde saak wil vastrap. Die groot "vlieg in die salf", volgens hierdie COVID-19-beangste regerings, is die "onregverdige" toepassing van COVID-19-regulasies: só vir die een en só vir die ander, wat ongelukkigheid onder hulle burgers veroorsaak. Volgens kommentaar in 'n Sondagkoerant[2], is daar aanduidings dat regerings in ander lande dit ook begin oorweeg om "oningeënte atlete se vlerke te knip", om te verseker dat sportsterre oor dieselfde kam as Jan Publiek geskeer word. Die Britse regering se uitgangspunt is dat "as jy (sportsterre) spesiale behandeling wil hê, jy jou deel moet doen om ander gesond en veilig te hou. Om ingeënt te word, gaan nie net oor jou gesondheid nie, maar oor ander."

In Suid-Afrika blaas die inentings-kwessie ook warm in professionele sportsterre se nekke. 'n Sondag-koerant[3] berig dat volgens sy inligting al die spelers in Suid-Afrika se nasionale rugbyspanne – die Springbokke, Bok-vroue en Blitsbokke – ten volle ingeënt is. Hoe lank sal Jan "Sport" Alleman hierdie "vlerkknippery" kan vryspring? Toeskouers se vlerke is so te sê reeds geknip! Dieselfde Sondagkoerant berig dat die regering dit reeds duidelik gemaak het dat toeskouers ingeënt moet wees om by 'n stadion se hekke te mag ingaan.

Bedink 'n mens nou die saak oor "die vlieg in die salf" (onregverdige toe-passing van COVID-19-regulasies) ernstig, wil dit tog lyk asof regerings dalk die een se dood die ander se brood wil maak: Sommige burgers se vlerke knip, om ander burgers te laat vlieg. In die lig hiervan kan 'n mens




nie help om te wonder wanneer die regering gaan besluit om hierdie siening van "regverdige regerings-optrede in tye van pandemies" ook op kerke toe te pas nie? Hoe lank voordat die regering ook van kerke gaan verwag om slegs "ingeënte lidmate" in eredienste toe te laat?

Hierdie "geregverdigde onreg" is weliswaar nie 'n nuut-humanistiese neiging nie; ons maak alreeds in die Nuwe Testament daarmee kennis (vgl. Joh. 11:45-57). Die Joodse Raad is byeengeroep om die ondersteuning wat Christus deur sy wonderwerke begin opbou het, betyds kort te knip. Indien Jesus sou voortgaan op sy seëvierende veroweringstog, sou almal in Hom glo en dan kon die Romeinse oorheersers die Joodse volk van hul grond en volkwees stroop. Dan maak die hoëpriester, Kajafas, die volgende voorstel: "Julle weet niks nie en dink nie daaraan dat dit vir ons voordelig is dat een man vir die volk sterwe en nie die hele nasie omkom nie." Die "geregverdigde onreg" wat Jesus Christus aangedoen is, moes regverdigheid vir hulle (die Jode) verdien.

---

1. *Rapport*, 9 Januarie 2022:20
2. *Rapport*, 9 Januarie 2022:20
3. *Rapport*, 9 Januarie 2022:20



SOLIDARITEIT HELPENDE HAND

DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

# VERSEKER VOORSPOED

## SLUIT AAN

**deur www.sluitaan.co.za te besoek**

**of**

**SMS die woord "FAMILIE" na**

**45763** *(SMS kos R2).*

## Word vandag deel van die Helpende Hand-familie!

JEUG BOODSKAPPER
(012) 362 1390 • boodskapper@apk.co.za
No. 161 • Februarie 2022

# Dis onregverdig!

*Dit maak nie saak hoe lief boeties of sussies vir mekaar is nie, die reëls verander as hulle lekkergoed of sjokolade moet deel. Dan verdwyn alle vertroue wat daar tussen hulle bestaan ewe skielik.*

“Hy mag nie ’n groter stuk as ek kry nie.” “Sy het nie reg gedeel nie!” “Hoekom mag húlle twee kry en ek net een?”

Dit is presies hier waar jy vinnig kan agterkom dat die meeste van ons ’n fyn sin vir regverdigheid het – nie omdat ons so graag regverdig wil wees nie, maar omdat ons nie verneuk of ingedoen wil word nie.

Ons wil hê dinge moet met ons gebeur volgens wat ons dink ons verdien. Dit is hoe ons regverdigheid verstaan – ék moet eerste kom!

Daarom is regverdigheid dikwels net belangrik wanneer dit tot my voordeel strek, maar wanneer ek sonder vrees vir die gevolge daarvan kan wegkom, knyp die meeste van ons (sonder om twee keer te dink) die kat in die donker – dis mos nie so erg nie ...

Alle mense het die behoefte om regverdig behandel te word. Die probleem is egter dat mense nie regverdig is nie.

***... soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie* (Rom. 3:10).**

Onmiddellik kan ons die probleem begin raaksien. Wat by klein kindertjies begin met lekkergoed en beurte maak, verander by grootmense in miljoen rand transaksies en mense wat afhanklik is van ander vir hulle brood en botter.



Ons diep behoefte om regverdig behandel te word en ons onvermoë om regverdig te wees, veroorsaak dat ons in 'n wêreld bly waar alle mense op een of ander vlak gaan seerkry en teleurgestel word. Dikwels verander hierdie gevoelens in haat, fyngevoeligheid, selfbejammering en selfs in 'n behoefte om wraak te neem. Dit veroorsaak dat ander mense weer seerkry en teleurgestel word. Dit skep die tipe wêreld waar die sterkste een wen, terwyl daar nie ruimte vir omgee of genade is nie.

**Dit is 'n bose kringloop wat aangedryf word deur sterk behoeftes en emosies, terwyl ons glad nie in onsself die vermoë het om dit te kan stop nie.**

Daarom het elkeen van ons, op 'n persoonlik vlak, hulp nodig. Ek het hulp nodig om regverdig te wees. Ek het hulp nodig om te help met die gevolge van wanneer ek nie regverdig opgetree het nie. Ek het hulp nodig wanneer ek seerkry of teleurgesteld is, omdat ek onregverdig behandel is. Ek het hulp nodig om my te keer sodat ek nie onregverdig reageer nie. Ek het hulp nodig met die gevolge van daardie kere toe ek onregverdig behandel is.

Saam met die Psalmdigter (Ps. 121:1) moet ons vra: *Waar sal my hulp vandaan kom?* Hoewel ons miskien iets by die natuur kan leer deur die gang daarvan dop te hou (dink bv. aan Totius se gedig oor die doringboompie langs die pad), sal ons gou besef dat hierdie dinge ons nie met ons probleem gaan help nie. Op die beste kan ons iets daaruit leer.

Ons het ook vroeër reeds gesien dat ek nie in myself of selfs by ander mense die hulp gaan kry wat ek nodig het nie, want ons is almal onregverdig! Die engele kan ook nie help nie – hulle is nie sterk genoeg om so 'n groot probleem op te los nie.

Die enigste plek waar jy die hulp gaan kry wat jy nodig het, is by God. Hy is tegelyk regverdig en barmhartig. Jesus Christus het dit vir ons kom wys toe Hy onverdiend aan die kruis gely het, sodat ons vrygespreek kon word van die regverdige straf op ons sonde. Om dit alles te kroon, is Hy ook sterk genoeg om ons te kan help – alle mag in die hemel en op aarde is aan Hom gegee (vgl. Mt. 28:18)!

Wanneer jy onregverdig behandel word, gaan soek hulp by Hom. Wanneer jy onregverdig opgetree het, gaan soek hulp by Hom! Hy is die magtige Redder van sondaars wanneer hulle onregverdig teenoor ander mense optree, maar Hy is ook die magtige Redder van mense wat onregverdig behandel word. Wanneer sy Gees in ons werk, tree ons volgens sy geregtigheid op en kry ons krag om selfs onregverdig te ly ter wille van sy Naam.

**Groete, ds. Henning**


# Wyse koning Salomo (1 Konings 3:1-15)



© 2007 Gospel Light. The Really Big Book of Bible Story Coloring Pages

# GOD HAAT ONREG

In ’n enkele sin bevestig Daniël sy geloofsperspektief: “My God het sy engel gestuur en die bek van die leeus toegesluit, sodat hulle my geen leed aangedoen het nie, omdat ek voor Hom onskuldig bevind is en ook teen u, o koning, geen onreg gedoen het nie.” Hierdie gedeelte bevestig dat God die onskuldiges verlos, want Hy haat die onreg wat aan hulle gedoen word. Hierdie verhaal onderstreep ook: God is onvergelykbaar; Hy is die Lewende, die Almagtige wat red en Hy bestaan tot in ewigheid; niemand kan met Hom vergelyk word nie.




*Opgestel deur Daleen Pienaar*

*Software © 2021 crossword-compiler.com*

## DWARS

1. Engel het dit gesluit (Dan. 6:23)
3. Koninklike interdik (Dan. 6:8)
6. Pleit (Dan. 6:12)
7. Voornemens (Dan. 6:15)
9. Koninklike dekreet (Dan. 6:9)
10. ’n Bevoegde minister (Dan. 6:3)
11. Aanbid en eerbiedig (Dan. 6:17)
12. Verseël die opening daarmee (Dan. 6:18)
15. Beywering (Dan. 6:15)
16. Teenspoed (Dan. 6:3)
17. Daniël se Godsaanbidding (Dan. 6:7)
18. Beweegrede (Dan. 6:5)
20. Ontferming (Dan. 6:12)
22. Betrap (Dan. 6:12)
23. Met dagbreek (Dan. 6:20)
24. Gestuurde van God (Dan. 6:23)
25. Administrasie van die koning (Dan. 6:5)

## AF

1. Toegesnel (Dan. 6:7)
2. Dienaar van God (Dan. 6:21)
4. Dit is vermorsel (Dan. 6:25)
5. Departementshoofde (Dan. 6:3)
7. Koninklike woning (Dan. 6:19)
8. Beskuldiging (Dan. 6:5)
10. Sombere, weëmoedige (Dan. 6:21)
13. Goewerneurs-generaal (Dan. 6:2)
14. Eggenotes (Dan. 6:25)
15. Gegrief (Dan. 6:15)
18. Daaglikse gebruik (Dan. 6:11)
19. Om koningskap te verkry (Dan. 6:1)
20. Nagespeur (Dan. 6:5)
21. Darius, die Meder (Dan. 6:3)



## WYSE MANNE UIT DIE OOSTE

Iewers in die Ooste, in 'n ver land, het daar wyse manne gebly. Hierdie wyse manne was baie slim. Hulle het baie van sterre en planete af geweet. Baie aande het hulle vir ure lank na die sterre gekyk.

Een nag het hulle skielik 'n baie spesiale ster teen die hemelruim gesien. Die ster was anders as al die ander sterre – hulle het nog nooit so iets gesien nie! Hulle het dadelik geweet dat hierdie ster iets baie spesiaal moet beteken.

Omdat die ster so spesiaal was, het hulle besluit om dit te volg. Hulle het al die pad agter die ster aangestap totdat hulle in die landstreek van Judéa, in Palestina, aangekom het. Hulle het geweet dat 'n groot koning gebore is en daarom het hulle na Herodes se paleis gegaan. "Waar is die koning wat gebore is?" het hulle gevra, "Ons het sy ster gesien en het gekom om aan hom hulde te bring."

Herodes was 'n soort koning wat oor Judéa regeer het. Sy paleis was in Jerusalem. Hy het waarskynlik gehoor wat die mense mekaar van die herders en die engelekoor uit die hemel vertel het. Toe hierdie wyse manne uit die Ooste ook sê dat daar 'n ander koning gebore is, was hy baie kwaad. Hy was dan koning en daar is nie 'n nuwe klein prinsie in sy paleis gebore nie!

Herodes het ’n slim plan gemaak. Hy het dadelik met die priesters en die geleerde manne in Jerusalem gepraat om te hoor of hulle iets van hierdie “koning” af weet. Hy het geweet dat die Israeliete vir die Messias, die Redder, wag. “Waar gaan die Redder, die Seun van God, gebore word?” het hy hulle gevra. Hierdie manne het die Bybel baie goed geken. Daarom het hulle koning Herodes sommer vinnig geantwoord. “Die Here se profeet, Miga, het lank gelede al geskryf dat die Redder in Betlehem gebore gaan word.”

Herodes het toe in die geheim die wyse manne uit die Ooste na sy paleis geroep en met hulle gepraat. “Julle moet na Betlehem gaan, dit is waar die Koning gebore is. Gaan soek julle na Hom en as julle Hom kry, kom terug en vertel my ook waar Hy is, sodat ek ook aan Hom eer kan bewys.” Herodes het mooi woorde gesê, maar die duiwel het in sy hart gewerk. Hy wou Jesus, die Koning wat gebore is, doodmaak.

Die wyse manne het toe gemaak soos Herodes gesê het. Hulle wou na Betlehem gaan, maar dit was amper donker. Toe die sterre ’n bietjie later weer uitkom, kyk een op en sien weer die spesiale ster. “Kyk!” sê hy, “die ster is nog steeds daar en hy beweeg voor ons uit!”

Die wyse manne het toe weer agter die ster aangeloop totdat hulle by Maria, Josef en die Kindjie gekom het. Hulle was ’n bietjie verbaas omdat die Koning by die diere moes slaap, maar hulle was op die regte plek: Hierdie Kindjie wás die groot Koning.

Hulle het voor die Kindjie gebuig, soos wanneer ’n mens voor ’n koning buig. Hulle het ook aan Hom geskenke gebring – goud, wierook en mirre. Dit was baie duur geskenke.

Hulle het die aand daar naby Josef en Maria geslaap. Hulle wou die volgende dag weer teruggaan na hulle eie huis toe. Daardie nag het ’n engel van die Here in ’n droom met hulle gepraat om hulle te waarsku dat koning Herodes vir hulle gejok het en dat hy eintlik wrede planne het om die Kindjie dood te maak.

Die Here het ook met Josef gepraat en vir hom gesê dat hulle na ’n ver land moes gaan, sodat koning Herodes nie die Kindjie kan doodmaak nie. Josef was weer gehoorsaam en hulle het dadelik na Egipte gegaan, soos God hom beveel het. Hulle het daar gebly totdat koning Herodes dood was. Daarna het hulle in Násaret, in Palestina, gaan woon.

# Christene wat vir die Koninkryk van God gely het



Roger Youderian | Pete Fleming | Jim Elliot | Nate Saint | Ed McCully

## Operasie Auca

Operasie Auca was 'n poging deur vyf Christensendelinge uit die VSA om die Waodani-stam in die reënwoude van Ecuador te bereik.

Die Waodani's het met rede as barbare bekendgestaan – hulle was verskriklik wreed teenoor hulle eie mense, maar ook teenoor vreemdelinge wat hulle grondgebied betree het. Die gevolg was dat almal hulle vermy het – almal was bang vir hulle.

Met die voorneme om die eerste sendelinge te wees wat hierdie stam probeer evangeliseer, het hierdie jong manne gereeld vlugte in 'n klein vliegtuigie oor een van hulle dorpies begin maak. Elke keer as hulle oorgevlieg het, het hulle geskenke laat val.

Ná 'n paar maande het hulle besluit om by "Palm Beach" kamp op te slaan. Dit was in Januarie 1965. "Palm Beach" was 'n sandbank wat langs die Cararayrivier gelê het. Die naaste Waodani-dorpie was 'n paar kilometer weg.

Teen die 8ste Januarie het hulle poging skielik tot 'n einde gekom toe al vyf, Jim Elliot, Nate Saint, Ed McCully, Peter Fleming and Roger Younderian, aangeval en met spiese deur 'n groep Waodani-krygers doodgesteek is.

Nuus van hulle dood is reg oor die wêreld uitgesaai. Nate Saint se vliegtuig is later half begrawe langs die rivier ontdek. Die nuus van hulle dood het gemaak dat Christene reg oor die wêreld bygedra het om hierdie groep met die evangelie te bearbei. 'n Paar jaar ná die dood van die sendelinge, het Jim Eliot se weduwee, Elizabeth, en Nate Saint se suster, Rachel, as sendelinge onder die Waodani's kom woon – dit het daartoe gelei dat baie van hulle tot bekering gekom het, insluitend sommige van dié wat by die moord betrokke was. – Wikipedia

## Die vrou met die megafoon


In die jaar 2016 het dit wêreldwyd in die nuus gegons toe 'n ma van sewe in Abuja, Nigerië deur Moslems in die openbaar wreed vermoor is. Die rede vir haar moord was dat sy met 'n megafoon en 'n Bybel die evangelie aan almal verkondig het – luidkeels in die openbaar. Hulle het haar stem stilgemaak, maar haar getuienis weerklink nog wêreldwyd. Haar naam was Eunice Elisha. – dr. Chris Saayman



Eunice Elisha

## John Allen Chau

Gedurende Desember 2018 is 'n 27-jarige sendeling, John Allen Chau, met pyle doodgeskiet. Hy het (onwettig) probeer om die eiland te bereik waar die Sentielese-stam vandag nog woon. Hierdie stam het nog baie min kontak met die buitewêreld gehad. John het gehoop om die kans te kry om die evangelie aan hulle te verkondig – maar ongelukkig is hy doodgeskiet nog voordat hy hulle kon bereik. Na wat beweer word, kon hulle tot vandag toe nog nie sy liggaam verwyder nie. Ongelukkig het die media hom sterk veroordeel vir sy "dom" poging om hulle van Jesus Christus se redding te vertel. – Wikipedia



John Allen Chau